



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# DANSSTUDIES

# RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

# GRAAD 12

# 2023

**Hierdie riglyne bestaan uit 51 bladsye.**

# INHOUD


| | | | Bladsy |
|---|---|---|---|
| **1.** | **INLEIDING** | | **3** |
| **2.** | **JAARLIKSE ASSESSERINGSPROGRAM** | | **4** |
| **3.** | **ADMINISTRASIE VAN NSS-V2-EKSAMEN** | | **5** |
| | 3.1 | KABV-kodes en presentasies vir rekord hou en verslagdoening | 5 |
| | 3.2 | KABV-graad 12-uittreevlakvereistes – NSS-V2-eksamen | 6 |
| | 3.3 | Psigomotoriese Domein – Dave se taksonomie | 8 |
| **4.** | **NSS-V2-EKSAMEN-NASIENINSTRUMENTE** | | **10** |
| | 4.1 | Puntestaat vir rekordhouding | 10 |
| | 4.2 | Nasienrubriek: NSS-V2-eksamen | 11 |
| | 4.3 | Punteomskakelings vir die drie eksamenafdelings | 14 |
| **5.** | **ADMINISTRASIE VAN PAT** | | **15** |
| | 5.1 | PAT-nakoming met betrekking tot NSS-uitslae | 15 |
| | 5.2 | PAT-implementering vir Dansstudies | 15 |
| | 5.3 | Tydraamwerk | 15 |
| | 5.4 | Joernaalvereistes | 15 |
| | 5.5 | Modereringsvereistes | 15 |
| | 5.6 | Assessering en moderering | 16 |
| **6.** | **PAT-NASIENINSTRUMENTE** | | **17** |
| | 6.1 | Kwartaal 1: PAT-proses-puntestaat | 17 |
| | 6.2 | Kwartaal 1: PAT-proses-nasienrubriek – geskrewe werk | 18 |
| | 6.3 | Kwartaal 1: PAT-proses-nasienrubriek – prakties | 19 |
| | 6.4 | Kwartaal 2: PAT-produk-puntestaat | 20 |
| | 6.5 | Kwartaal 2: PAT-produk-nasienrubriek – een-bladsy-programnota | 21 |
| | 6.6 | Kwartaal 2: PAT produk-nasienrubriek – finale dansvertoning | 22 |
| **7.** | **ONDERWYSERRIGLYNE** | | **23** |
| | 7.1 | Doel en voordele van die PAT | 23 |
| | 7.2 | Stap-vir-stap-plan om PAT te ontwikkel | 23 |
| | 7.3 | Voorbeeld van improvisasie-aktiwiteit | 28 |
| **8.** | **LEERDERRIGLYNE** | | **31** |
| | Inleiding van vier temas | | 31 |
| | Afrofuturism | | 32 |
| | Proudly African | | 33 |
| | Time for Truth | | 34 |
| | Every day is Earth Day | | 35 |
| **9.** | **PROFESSIONELE ONTWIKKELING VIR ONDERWYSERS** | | **42** |
| | 9.1 | Ontwikkeling van 21ste -eeuse vaardighede | 42 |
| | 9.2 | Stap-vir-stap-riglyne om 'n Jamboard te skep | 45 |
| | 9.3 | Stap-vir-stap-riglyne om 'n Padlet te skep | 47 |
| **10.** | **GEVOLGTREKKING** | | **49** |
| **11.** | **VERWYSINGS** | | **49** |
| **12.** | **PRENTBRONNE** | | **51** |


| **AKRONIEME** | |
|---|---|
| KABV | Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring |
| VOO | Verdere Onderwys en Opleiding |
| NKV | Nasionale Kurrikulumverklaring |
| NSS | Nasionale Senior Sertifikaat |
| PAT | Praktiese Assesseringstaak |
| PVA | Program van Assessering |
| SGA | Skoolgebaseerde Assessering |
| JOP | Jaarlikse Onderrigplanne |

## 1. INLEIDING

Die 18 Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring-vakke wat 'n praktiese komponent bevat, sluit almal 'n praktiese assesseringstaak (PAT) in. Hierdie vakke is:

- LANDBOU: Landboubestuurswetenskappe, Landboutegnologie
- KUNS: Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste
- WETENSKAPPE: Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie, Tegniese Wetenskappe; Tegniese Wiskunde
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Meganiese Tegnologie en Ingenieursgrafika en -ontwerp

'n Praktiese assesseringstaak (PAT) is 'n verpligte komponent van die finale promosiepunt vir alle kandidate ingeskryf vir vakke wat 'n praktiese komponent het en tel 25% (100 punte) van die eksamenpunt aan die einde van die jaar. Die PAT word oor die eerste drie kwartale van die skooljaar geïmplementeer. Dit word in verskillende fases of 'n reeks kleiner aktiwiteite afgebreek wat saam die PAT opmaak. Die PAT bied leerders die geleentheid om op 'n gereelde basis gedurende die skooljaar geassesseer te word en dit maak ook voorsiening vir die assessering van vaardighede wat nie in 'n skriftelike formaat, bv. toetse of eksamens, geassesseer kan word nie. Dit is dus belangrik dat skole seker maak dat al die leerders die praktiese assesseringstake binne die toegelate tydperk voltooi om te verseker dat leerders aan die einde van die jaar hulle uitslae ontvang. Die beplanning en uitvoering van die PAT verskil van vak tot vak. Die vak Dansstudies het EEN praktiese assesseringstaak (PAT).

Hierdie dokument handel oor die NSS-V2-eksamen en die graad 12-PAT wat VERPLIGTE nasionale vereistes bevat waaraan alle provinsies moet voldoen.

Hierdie eksamenriglyne moet saam met die volgende dokumente gelees word:

- Die *Nasionale Kurrikulumstelling (NKS), Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV):* Dansstudies (die algemene doelstellings van die Suid-Afrikaanse kurrikulum kan op bladsye 4 en 5 gevind word)
- Nasionale beleid met betrekking tot die program- en promosievereistes van die *Nasionale Kurrikulumstelling, Graad R–12*
- Die beleidsdokument, *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R–12*
- Hersiene Graad 12-KABV-wysigings 2020
- Hersiene Nasionale Herstelplan, KABV, Afdeling 4: 2021–2023
- Nasionale Herstelplan JOP'e graad 10–12 (Jaarlikse Onderrigplanne)

**Dansstudies het ten doel om:**

- Die liggaam as 'n instrument van uitdrukking te ontwikkel
- Veilige danspraktyke te bevorder
- Die leerder se danstegniek, styl, vorm en opvoervermoëns in 'n gekose dansvorm te ontwikkel
- Leerders aan danse van verskillende kulture bloot te stel
- Improvisasie en probleemoplossingsvaardighede te ontwikkel
- Leerders in staat te stel om hul eie choreografieë te skep, te vervaardig en aan te bied
- Die vermoë om krities te ontleed, te reageer, te geniet en oordeelkundige besluite oor dans te maak, te ontwikkel
- Deur middel van dans die vermoë om by sosiale, kulturele, omgewings- en gemeenskapskwessies betrokke te raak, te ontwikkel

## 2. JAARLIKSE ASSESSERINGPROGRAM

Daar is VYF formele take vir die jaar:

- **Taak 1, 2 en 3** is skoolgebaseerde assessering (SGA)
- **Taak 4** is 'n praktiese assesseringstaak (PAT) wat deel is van die finale eksamenpunt
- **Taak 5** is die NSS-V2-eksamen en die NSS-V1 geskrewe eksamen

| **GRADE 12 JAARLIKSE ASSESSERINGPROGRAM VIR DANSSTUDIES** | | | |
|---|---|---|---|
| **SKOOLGEBASEERDE ASSESSESING – SGA = 25% VAN JAARPUNT** | | | |
| **KWARTAAL 1** | **KWARTAAL 2** | **KWARTAAL 3** | **KWARTAAL 4** |
| **TAAK 1**<br>Skriftelike toets =<br>50 punte (minimum) | **TAAK 2**<br>Skriftelike toets =<br>100 punte (minimum) | **TAAK 3**<br>Proefeksamen<br>V1-eksamen = 150 punte | |
| 10% gewigswaarde | 15% gewigswaarde | 25% gewigswaarde | |
| Evalueringstaak =<br>50 punte (minimum) | Praktiese toets =<br>100 punte | Evalueringstaak – proefeksamen-V2-eksamen = 100 punte | |
| 10% gewigswaarde | 15% gewigswaarde | 25% gewigswaarde | |
| **Gewigswaarde van die drie take = 100% van totale SGA-jaarpunt** | | | |
| **SGA = 25% VAN JAARPUNT (50% skriftelik en 50% prakties)** | | | |
| **EKSAMENS = 75% VAN JAARPUNT** | | | |
| **KWARTAAL 1** | **KWARTAAL 2** | **KWARTAAL 3** | **KWARTAAL 4** |
| **TAAK 4-PAT** | | **TAAK 5** | |
| **PROSES**<br>Prakties = 25 punte<br>Skriftelik = 25 punte | **PRODUK**<br>Prakties = 25 punte<br>Skriftelik = 25 punte | NSS-V2-eksamen =<br>100 punte | NSS-V1-eksamen =<br>150 punte<br>herlei na 100 punte |
| 15% | 15% | 35% | 35% |
| **Gewigswaarde van die twee take = 100% van totale EKSAMEN-jaarpunt** | | | |
| **PAT = 100 punte: 25% VAN EKSAMENPUNT (50% skriftelik en 50% prakties)**<br>**FINALE EKSAMEN = 200 punte: 50% VAN EKSAMENPUNT**<br>**(50% skriftelik en 50% prakties)** | | | |

## 3. ADMINISTRASIE VAN NSS-V2-EKSAMEN

- Die NSS-V2-eksamen moet gedurende Kwartaal 3 tussen **Augustus** en **September** plaasvind en nasien moet nie langer as 6 weke duur nie.
- 'n Maksimum van 6 leerders per sessie mag geëksamineer word.
- Provinsiale eksamendepartemente stel 'n eksterne nasienpaneel van minstens drie nasieners aan wat die volgende insluit:
  - Provinsiale interne moderator – vakadviseur/senior kurrikulumbeplanner/DBO aangestelde amptenaar
  - Provinsiale hoofnasiener – leieronderwysers
  - Nasiener(s) – leieronderwysers/onderwysers (om ten minste EEN kundige in die betrokke hoofdansvorm in te sluit)
- Provinsies tref die reëlings rakende die praktiese NSS-V2-eksamen vir graad 12.

**Dit sluit in:**
- Opstel van 'n eksamenrooster
- Kommunikasie met die onderwysers en skole
- Organisering van lokale en tye
- Verfilming van alle kandidate vir moderering/hermerk
- Aanstelling en **opleiding van die nasienpaneel wat insluit**:
  - Bywoning van DBO-V2-standaardiseringsvergadering
  - KABV-kodes en persentasies vir rekord hou en verslagdoening
  - Graad 12-uittreevlakvereistes
  - Taksonomieë
  - Nasienriglyne
- Daar word van onderwysers verwag om saam met die nasieners teenwoordig te wees om die eksamen te fasiliteer en aan te bied, hulle praktiese jaarpunte (SGA) aan te bied en die eksamen te verfilm.

*(Sien DBO-eksamenriglyne rakende **dansers met ernstige siektes/beserings**)*

### 3.1 KABV – kodes en persentasies vir rekord hou en verslagdoening (alle vakke)

| GRADERINGSKODE | BESRYWING VAN BEVOEGDHEID | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| 7 | **Uitstaande** prestasie | 80–100 |
| 6 | **Verdienstelike** prestasie | 70–79 |
| 5 | **Beduidende** prestasie | 60–69 |
| 4 | **Bevredigende** prestasie | 50–59 |
| 3 | **Middelmatige** prestasie | 40–49 |
| 2 | **Elementêre** prestasie | 30–39 |
| 1 | Nie bereik nie | 0–29 |

## 3.2 KABV-graad 12-uittreevlakvereistes – NSS-V2-eksamen

**Die aard van vordering in dans:**
Die onderrig van praktiese dansvaardighede is beide siklies en liniệer. Vaardighede word regdeur die jaar, elke jaar, met toenemende kompleksiteit aangeleer.

**VORDERING IN DANSVAARDIGHEDE MANIFESTEER IN:**
- Verhoogde vermoë om saam met ander dansers te werk/toegewydheid aan ander dansers
- Beweeg van afhanklikheid na onafhanklikheid
- Integrasie van kennis, vaardighede en waardes in die toepassing daarvan
- Verhoogde selfvertroue, selfdissipline, fokus en kreatiwiteit
- Verhoogde onthouvermoë/herroeping van dansbewegings/-passies, sekwense en solodanse
- Bemeester nuwe konsepte en vaardighede
- Verwerf bewegingswoordeskat en terminologie
- Verhoogde bewustheid van detail en vlak van akkuraatheid, krag, stamina en beheer
- Die vermoë om langer sekwense, wat verskillende danselemente insluit, soos verhoogde spoed, vinnige veranderings van vlakke en rigtings, te dans
- Verbeterde koördinasie van veelvuldige liggaamsdele
- Verhoogde musikale vermoë en vermoë om komplekse ritmes te herken en te interpreteer
- Verhoogde vlak van bewegingskwaliteit (vlotheid, vloeiendheid, oorgange, uitdrukking, musikaliteit, ens.)

**DIE GRAAD 12-NSS-V2-EKSAMEN BESTAAN UIT:**

**1. 'n Vaste tegniekklas ongeveer 15–20 minute deur die onderwyser gechoreografeer – 50 punte**

| **Vaste tegniese klas-vereistes:** | **Kandidate moet die volgende in die tegniese klas demonstreer:** |
|---|---|
| Dit is nie 'n opwarming nie, maar 'n opsomming van die tegniek wat die leerder in die drie-jaar-VOO-periode in sy/haar hoofdansvorm bereik het en wat die hoofbeginsels, styl en kenmerke van die hoofdansvorm toon. Die klaswerk moet die leerder se tegniese vermoë en die vlak van kompleksiteit wat hy/sy bemeester het, toon.<br><br>Kandidate kan die dans- en choreografiese elemente wat hulle in Onderwerp 2 en die PAT geleer het, op die vaste tegniese klas toepas.<br>**Voorbeelde kan wees:**<br>• Skakels, ingange en uitgange, rigtingveranderings, tydsberekenings, ens.<br>• Patroonvorming, groeperings, formasies, kontakwerk, ens. | • Geoefende dansvaardighede en interpretasie van werk wat geleer is<br>• Kreatiwiteit in die tegniekklas sal leerders in staat stel om 'n persoonlike styl te toon en hul sterk punte na vore te bring<br>• Komponente van fiksheid wat ontwikkel is om hoë vlakke van dansopvoering te toon<br>• Korrekte beginsels, kenmerke en styl van die hoofdansvorm moet getoon word<br>• Die vlak van kompleksiteit wat in tegniek en bewegingswoordeskat bereik is<br>• Waardes, houdings, vaardighede en bevoegdhede in die dansomgewing en dansopvoering<br>• Sensitiwiteit/bewustheid/vertolking van musiek/musikaliteit in die klas |

<table>
<tr><td colspan="2">2. 'n Vaste gechoreografeerde solodans van 1–2 minute in die hoofdansvorm (nie in gemengde styl nie) – 30 punte</td></tr>
<tr><td>Vaste solodans-vereistes:<br>Die solodans word saamgestel deur 'n professionele choreograaf of die dansonderwyser of dit kan 'n uittreksel uit 'n professionele danswerk wees. Dit moet op die hoogste vlak van kompleksiteit wat die kandidaat kan hanteer, saamgestel word. Die vlak van kompleksiteit/lengte/verpersoonliking sal die kandidaat se resultaat beïnvloed.<br>Kandidate moet 'n begrip van die styl van die choreografie toon, die tema/bedoeling aan die gehoor uitbeeld en die betekenis van die werk wys om die solo 'n sukses te maak.<br>Kandidate mag die dans- en choreografiese elemente wat hulle gedurende die VOO-periode geleer het, op die dans toepas.</td><td>Kandidate moet die volgende in die solodans demonstreer:<br>• Verpersoonliking van die solodans met eie unieke styl, uitdrukking/vertolking, interpretasie, geskikte begin en einde<br>• Vlak van kompleksiteit wat vloeiende, moeitelose bewegings met beheer en balans, vinnige verandering van rigting, gevorderde woordeskat en akkuraatheid wys<br>• Ontwikkelde opvoervaardighede (uitdrukking, oogfokus, selfvertroue, vloeiendheid, projeksie, ens), wat die styl van die dans vertoon en betekenis aan die werk gee<br>• Beginsels van die hoofdansvorm en tegniek wat op die hoogste moontlike vlak uitgevoer word<br>• Musikaliteit wat uitlopende dinamiek en sensitiwiteit vir musiek toon</td></tr>
<tr><td colspan="2">3. 'n Solo- of groep-improvisasie van 1–2 minute – 20 punte</td></tr>
<tr><td colspan="2">• Die provinsiale eksamenpaneel sal die stimulus vir die eksamen kies.<br>• Die stimulus kan prente, rekwisiete, gedigte, teks, woorde, ens. wees.<br>• Improvisasievaardighede moes gedurende die VOO-fase ontwikkel word.<br>• Improvisasie hoef nie in die kandidaat se hoofdansvorm te wees nie en hulle mag enige of 'n kombinasie van dansgenres/-style gebruik<br>• Die improvisasie-afdeling moet insig gee oor die kandidaat se bemeestering van hulle liggame, spontaniteit en vlotheid<br>• Improvisasie moet vryheid van beweging, kwaliteit van beweging, verbeelding, selfvertroue en musikaliteit toon.</td></tr>
<tr><td>Improvisasievereistes:<br>Kandidate sal die volgende ontvang:<br>• 'n Ongesiene stimulus op die dag van hul eksamen, kan prente, rekwisiete, gedigte, teks, woorde, ens. wees<br>• Vier minute om voor te berei waartydens die musiek gespeel word voor hul finale aanbieding<br>• 'n Keuse om alleen of in 'n duet, trio of groep van vier kandidate te improviseer<br>• Indien die kandidaat verkies om alleen te improviseer, moet die improvisasie ongeveer 1 minuut lank wees<br>• Indien kandidate kies om saam met ander te improviseer, moet die improvisasie ongeveer 2 minute lank wees om eksaminatore tyd te gee om al die kandidate te evalueer</td><td>Kandidate moet die volgende in die improvisasie toon:<br>• Kreatiewe interpretering van 'n stimulus/ neem risiko's met die interpretasie van die stimulus:<br>  ○ Konseptualiseer 'n idee en kommunikeer eie interpretasie<br>  ○ Kies van gepaste bewegings-woordeskat om interpretasie te versterk<br>  ○ Kontak/werk saam met ander in 'n groep indien so verkies<br>  ○ Gebruik van simboliek om 'n boodskap/betekenis te kommunikeer<br>• Toon begrip van hoe om danselemente/ choreografiese strukture in die improvisasie te gebruik (natuurlike vloei van beweging)<br>• Eie unieke persoonlikheid/ styl/interpretasie van die stimulus<br>• Vermoë om met sensitiwiteit op onvaste musiek/begeleiding te reageer</td></tr>
</table>


**3.3 Psigomotoriese domein — Dave se taksonomie (1970)**

Dave se taksonomie van die psigomotoriese domein sluit die gebruik van motoriese vaardighede en die vermoë om dit te koördineer, in. Hierdie psigomotoriese domein sluit fisiese beweging, koördinasie en gebruik van motoriesevaardigheid-areas in.

Ontwikkeling van hierdie vaardighede vereis **oefening** en word ten opsigte van spoed, krag, uithouvermoë, koördinasie, akkuraatheid, afstand, prosedures of tegnieke in die uitvoering daarvan gemeet.

Dave se vyf vlakke van motoriese vaardighede verteenwoordig verskillende grade van bevoegdheid in die uitvoer van 'n vaardigheid uit.

Dit vang die bevoegdheidsvlakke vas **in die stadiums van leer vanaf aanvanklike blootstelling tot finale bemeestering**. Nabootsing is die eenvoudigste vlak terwyl naturalisasie (natuurlike vloei van beweging) die mees komplekse vlak is.




**'n Verduideliking van elke vlak van prestasie is hieronder ingesluit en aangepas vir inagneming by die toekenning van punte vir Dansstudies.**

**Taksonomieë is slegs 'n riglyn, nie 'n finale toepassing wanneer bevoegdhede geëvalueer word nie.**

**1. NABOOTSING** behels die vermoë om 'n patroon/gedrag by iemand anders aan te leer en na te boots. Die leerder neem 'n vaardigheid waar en **probeer** om dit te herhaal of sien 'n voltooide produk en **poog** om dit te herhaal.
**Op hierdie vlak kan die opvoering van lae gehalte wees:** geen verpersoonliking van werk met minimale begrip van wat vereis word nie, **minimale oefening van dansvaardighede getoon**. In staat om alle areas op die mees basiese vlak te voltooi.

**2. MANIPULASIE** behels die vermoë om sekere aksies uit die geheue of deur die volg van instruksies uit te voer/kan 'n taak deur skriftelike of mondelinge instruksies uitvoer.
**Op hierdie vlak kan die opvoering van medium gehalte wees:** verpersoonliking van werk toon 'n begrip van wat vereis word, maar inkonsekwente toepassing van vaardighede, soms **geoefende dansvaardighede op plekke getoon** (tegniek, uitvoering en improvisasie).

**3. PRESISIE/NOUKEURIGHEID** behels die vermoë om sekere take met **een of ander kundigheid** uit te voer sonder hulp van of ingryping deur ander. Die leerder voer die vaardigheid uit of produseer die produk op onafhanklike wyse, met **akkuraatheid, proporsie en noukeurig,** op 'n **kundige/bedrewe vlak.**
**Op hierdie vlak word die opvoering meer presies en verfynd:** verpersoonliking van werk toon **konsekwente toepassing en geoefende vaardighede** op alle gebiede (tegniek, uitvoering en improvisasie).

**4. ARTIKULASIE** behels die vermoë om **veelvuldige aksies** aan te pas en te integreer om metodes te ontwikkel om aan **verskillende en nuwe vereistes te voldoen**. Die leerder wysig die vaardigheid of die produk om by nuwe situasies te pas; kombineer meer as een vaardigheid in 'n sekwensie met harmonie en konsekwentheid.
**Op hierdie vlak toon die opvoering gevorderde uitvoering:** werk word op alle vlakke verpersoonlik en begryp en toon individuele interpretasie en hoogs bedrewe uitvoering van geoefende vaardighede op alle gebiede (tegniek, opvoering en improvisasie).

**5. NATURALISERING** is die vermoë om op 'n outomatiese, intuïtiewe of onbewustelike manier aksies op te tree/op te voer/dans. Die leerder voer een of meer vaardighede met gemak uit en maak die vaardigheid outomaties met beperkte fisiese of geestelike inspanning. Op hierdie vlak het die opvoering tweede natuur of natuurlik geword, sonder om veel daaroor na te dink.
**Op hierdie vlak toon die opvoering gevorderde begrip en bemeestering:** werk is tweede natuur en toon kreatiewe/verpersoonlike interpretasie en bemeestering van geoefende vaardighede op alle gebiede (tegniek, opvoering en improvisasie).

## 4. NSS-V2-EKSAMEN-NASIENINSTRUMENTE

### 4.1 Puntestaat vir rekordhouding

| NAAM VAN SKOOL:<br>DATUM VAN FINALE GRAAD 12-EKSAMEN:<br>NAAM EN HANDTEKENING VAN AANGSTELDE NASIENERS:<br>1.<br>2.<br>3. | | Leerder 1 | Leerder 2 | Leerder 3 | Leerder 4 | Leerder 5 | Leerder 6 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Vaste tegniese klas in die hoofdansvorm** | | | | | | | |
| 1. ***Herroep en aanbied*** van die klas | | | | | | | |
| 2. ***Ontwikkelde komponente van fiksheid*** om gemak/kwaliteit van beweging te fasiliteer | | | | | | | |
| 3. ***Internalisering/verpersoonliking/toon*** van kenmerke, beginsels, styl | | | | | | | |
| 4. ***Vlak van ingewikkeldheid*** in tegniek bereik | | | | | | | |
| **Subtotaal** | **50** | | | | | | |
| **Vaste solo in die hoofdansvorm** | | | | | | | |
| 1. ***Verpersoonliking:***<br>• Begin en einde<br>• Styl<br>• Betekenis gee/interpretasie/skep 'n reaksie/emosie vir 'n gehoor | | | | | | | |
| 2. ***Vlak van ingewikkeldheid*** bereik in bewegingswoordeskat, vlotheid, aandag aan detail | | | | | | | |
| 3. ***Opvoervaardighede*:**<br>• Betrek 'n gehoor<br>• Kommunikeer 'n boodskap<br>• Toewyding/oortuiging/maak solo eie<br>• Vlot opvoering<br>• Opvoerkwaliteit | | | | | | | |
| 4. ***Musikaliteit en*** interpretasie van veranderende dinamiek | | | | | | | |
| **Subtotaal** | **30** | | | | | | |
| **Ongesiene improvisasie** | | | | | | | |
| 1. ***Interpretasie*** van die stimulus | | | | | | | |
| 2. ***Struktuur:*** begin, einde en gebruik van danselemente en choreografiese strukture | | | | | | | |
| 3. ***Kwaliteit van beweging:*** vryheid van beweging, gebruik van simboliek, opvoervaardighede | | | | | | | |
| 4. ***Reaksie op*** onbekende musiek/begeleiding | | | | | | | |
| **Subtotaal** | **20** | | | | | | |
| **TOTAAL** | **100** | | | | | | |
| **FINALE HOLISTIESE PUNT**<br>Neem ***al drie afdelings*** van die eksamen in ag om kwaliteit en balans te bereik om die finale assessering van elke leerder te ondersteun | **100** | | | | | | |

## 4.2 Nasienrubriek: NSS-V2-eksamen

| NASIENRUBRIEK: NSS-V2-EKSAMEN | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **% Bereik Graderingskode**<br><br>**Prestasievlak** | **90–100% MEESTERLIKE prestasie V7** | **80–89% UITSTAANDE prestasie V7** | **70–79% VERDIENSTE-LIKE prestasie V6** | **60–69% BEDUIDENDE prestasie V5** | **50–59% BEVREDIGEN-DE prestasie V4** | **40–49% GEMIDDELDE prestasie V3** | **30–39% ELEMENTÉRE prestasie V2** |
| **VASTE TEGNIESE KLAS IN DIE HOOFDANSVORM** | | | | | | | |
| 1. **Herroep/Onthou en klasaan-bieding** (algehele indruk 3-jaar-VOO-periode van voorbereiding en ontwikkeling) | Gevorderde begrip van tegniese klasvereistes/ kreatiewe toepassing en demonstrasie van dansvaardighede | Hoogs bedrewe begrip van tegniese klasvereistes/ hoogs bedrewe toepassing en demonstrasie van dansvaardighede | Baie goeie begrip van tegniese klasvereistes/ goed ontwikkelde toepassing en demonstrasie van dans-vaardighede | Goeie begrip van tegniese klasvereistes/ dansvaardighede gedemonstreer | Begrip van tegniese klasvereistes / dansvaardig-hede in sommige plekke getoon | Minimale begrip van tegniese klasvereistes/ minimale dansvaardig-hede getoon | Kan stappe weergee/ken werk/geen dansvaardighede getoon nie |
| 2. **Ontwikkelde komponente van fiksheid** om gemak/kwaliteit van beweging te fasiliteer | Gevorderde opvoer van alle fiksheidskom-ponente/ bewegings moeiteloos | Hoogs bedrewe opvoer van alle fiksheidskom-ponente | Goed ontwikkelde opvoer van fiksheidskom-ponente | Toon 'n verskeidenheid komponente van fiksheid | Basiese vlak van die meeste fiksheidskom-ponente | Wisselvallige/ minimale ontwikkeling van fiksheidskom-ponente | Minimale/onder-ontwikkelde fiksheidskom-ponente |
| 3. **Internalisasie/ Verpersoonliking/ Toon** van kenmerke, beginsels, styl van hoofdansvorm | Gevorderde toepassing van kenmerke, beginsels, styl | Hoogs bedrewe toepassing van kenmerke, beginsels, styl | Verpersoonlikte toepassing van kenmerke, beginsels, styl | Kenmerke, beginsels, styl met begrip toegepas op alle gebiede | Kenmerke, beginsels, styl in die meeste areas toegepas | Wisselvallige toepassing van kenmerke, beginsels, styl | Verstaan nie die kenmerke, beginsels, styl/ passies geleer en herhaal |
| 4. **Vlak van kompleksiteit:** bereik in tegniek (bewegingswoor-deskat, vlotheid, aandag aan detail) | Gevorderde begrip/ bemeestering van tegniese vaardighede | Tegniek het tweede natuur geword en word met gemak uitgevoer | Tegniek bedrewe en met akkuraatheid uitgevoer | Tegniek akkuraat opgevoer/soms vlakke van bedrewenheid getoon | Tegniek in die meeste areas, op 'n basiese vlak ontwikkel | Wisselvallige toepassing met minimale begrip van tegniek | Minimale/Geen begrip van tegniek/veilige danspraktyk/ toepassing nie |

| **% Bereik Graderingskode<br><br>Prestasievlak** | **90–100%<br>MEESTERLIKE prestasie<br>V7** | **80–89%<br>UITSTAANDE prestasie<br>V7** | **70–79%<br>VERDIENSTE-LIKE prestasie<br>V6** | **60–69%<br>BEDUIDENDE prestasie<br>V5** | **50–59%<br>BEVREDIGEN-DE prestasie<br>V4** | **40–49%<br>GEMIDDELDE prestasie<br>V3** | **30–39%<br>ELEMENTÊRE prestasie<br>V2** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VASTE SOLO IN DIE HOOFDANSVORM** | | | | | | | |
| **1. Verpersoonliking**<br>● Begin/Einde<br>● Styl<br>● Gee betekenis/ interpretasie | Kreatiewe verpersoonliking en kunssinnigheid van die solo wat 'n onvergeetlike vertoning skep | Hoogs bedrewe verpersoonliking en artistiese solo om 'n onvergeetlike vertoning te lewer | Bedrewe verpersoonliking en artistiese solo/ lewer 'n goeie vertoning | Goeie verpersoon-liking van die solo/ skep 'n goeie vertoning | Verpersoonlikte begin en einde/ geoefende vertoning | Boots begin en einde na soos geleer/ bewegings in plekke ontwikkel | Boots begin en einde na soos geleer/ nabootsing van geleerde passies |
| **2. Vlak van kompleksiteit**<br>● Bewegings-woordeskat<br>● Aandag aan detail | Natuurlike vloei van beweging skep 'n harmonieuse opvoering met bemeestering van vaardighede | Bewegings-woordeskat toon gevorderde vlak van kompleksiteit en aandag aan detail | Goed ontwikkelde omvang van bewegings met alle areas sorgvuldig en met detail uitgevoer | 'n Wye reeks bewegings getoon met aandag aan detail | Bewegings is begryp en getoon met aandag aan detail in sommige plekke | Bewegings met beperkte aandag aan detail opgevoer | Bewegings-woordeskat op 'n basiese vlak, met baie bewegings buite die leerder se vermoë |
| **3. Opvoervaardig-hede:**<br>● Betrek 'n gehoor<br>● Kommunikeer 'n boodskap<br>● Toewyding/ oortuiging<br>● Vlotheid<br>● Opvoerkwaliteit | 'n Hoogs kreatiewe en meesterlike opvoering en toon gevorderde:<br>- opvoervaardig-hede<br>- artistiese uitdrukking<br>- bewegings-kwaliteit en interpretasie | 'n Kreatiewe opvoering en toon uitstekende:<br>- opvoervaardig-hede,<br>- artistiese uitdrukking<br>- bewegings-kwaliteit en interpretasie | Baie goed ontwikkelde vertoning en toon goeie:<br>- opvoervaardig-hede<br>- artistiese uitdrukking<br>- bewegings-kwaliteit en interpretasie | Aanskoulike vertoning en toon goeie:<br>- opvoervaardig-hede<br>- artistiese uitdrukking<br>- bewegings-kwaliteit en interpretasie | Selfversekerde vertoning en toon sekere:<br>- opvoervaar-dighede<br>- artistiese uitdrukking,<br>- bewegings-kwaliteit en interpretasie op plekke | Beperkte vertoning wat 'n gebrek toon aan:<br>- opvoervaardig-hede<br>- artistiese uitdrukking<br>- bewegings-kwaliteit en interpretasie | Onbewus van 'n gehoor, nie in staat om te projekteer of om betekenis aan die solo te gee nie |
| **4. Musikaliteit**<br>● Interpretasie van veranderende dinamiek | Meesterlike vlak van musikaliteit getoon. Die musiek het deur die vertolking van beweging lewendig geword | Musikaliteit op hoogs ontwikkelde vlak getoon. Uitsonderlike persoonlike interpretasie van die musiek getoon | Baie goeie begrip van dinamiek/ goeie begrip van die stemming, musikale sensitiwiteit getoon | In staat om die musiek op sekere plekke te interpreteer en toon bewustheid van dinamiek/ stemming | Bewus van frasering met 'n basiese begrip van dinamiek/ stemming | Beperkte bewustheid van musikale frasering en stemming | Kan bewegings by musiek pas/ kan tyd hou met maatslag |

| % Bereik<br>Graderingskode<br><br>Prestasievlak | 90–100%<br>MEESTERLIKE prestasie<br>V7 | 80–89%<br>UITSTAANDE prestasie<br>V7 | 70–79%<br>VERDIENSTE-LIKE prestasie<br>V6 | 60–69%<br>BEDUIDENDE prestasie<br>V5 | 50–59%<br>BEVREDIGEN-DE prestasie<br>V4 | 40–49%<br>GEMIDDELDE prestasie<br>V3 | 30–39%<br>ELEMENTÊRE prestasie<br>V2 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **IMPROVISASIE** | | | | | | | |
| **1. Interpretasie van die stimulus** | Hoogs verbeeldingryke interpretasie en ervaring van die omskakeling van 'n denkproses na bewegings wat verband hou met die stimulus | Kreatiewe interpretasie, toon begrip van die omskakeling van 'n denkproses na bewegings wat verband hou met die stimulus | Toon vermoë om 'n denk-proses na bewegings om te skakel wat verband hou met die stimulus | 'n Poging aangewend om 'n denkproses na bewegings om te skakel wat verband hou met die stimulus | Letterlike interpretasie van die stimulus (mimiek/rolspel die bewegings), poog om 'n 'storie', wat met die stimulus verband hou, te maak | Minimale begrip van die interpretasie van stimulus/poging gemaak, maar onseker/stop-begin/poog om stimulus te interpreteer | Passies getoon hou nie verband met die stimulus nie/geen bewustheid oor hoe om 'n stimulus te interpreteer nie/ geen poging aangewend nie |
| **2. Struktuur:** begin, einde en gebruik van danselemente/ choreografiese strukture | Gevorderde begrip van struktuur en inkorporeer dans-/ choreografiese elemente in beweging | Hoogs bedrewe begrip van struktuur. Dans-/choreo-grafiese elemente geïnkorporeer met 'n ervare begrip | Baie goeie begrip van struktuur en toepassing van die dans-/ choreografiese elemente | Goeie begrip van struktuur. Toon goeie begrip van dans-/choreo-grafiese elemente | Basiese begrip van struktuur. Basiese begrip van dans-/choreo-grafiese elemente getoon | Minimale begrip van struktuur en dans-/choreo-grafiese elemente | Onseker hoe om te begin/ 'n improvisasie te eindig. Minimale/Geen begrip van dans-/ choreografiese elemente nie |
| **3. Kwaliteit van beweging:** vryheid van beweging, gebruik van simboliek, opvoervaardig-hede | Meesterlike vaardighede, gebruik van simboliek om deur die bewegings-woordeskat betekenis te skep. 'n Onvergeetlike vertoning | Uitstekende vaardighede, gebruik van simboliek om deur die bewegings-woordeskat betekenis te skep. 'n Sinvolle vertoning | Baie goeie gebruik van simboliek om betekenis deur bewegingswoor-deskat te skep. 'n Selfverseker-de vertoning | Baie goeie gebruik van simboliek om betekenis deur bewegingswoor-deskat te skep. 'n Selfverseker-de vertoning | Basiese gebruik van simboliek om betekenis deur bewegingswoor-deskat te skep. 'n Poging aangewend om op te tree | Minimale gebruik van simboliek om betekenis deur bewegingswoor-deskat te skep. 'n Minimale vertoning | Minimale/Geen gebruik van simboliek om betekenis deur bewegingswoor-deskat te skep nie. Minimale/ geen vertoning nie |
| **4. Reaksie op onbekende musiek/ begeleiding** | Gevorderde begrip van interpretasie van musiekelemente/ sensitief vir veranderende dinamiek | Sinvolle interpretasie van musiekelemente /inkorporeer dinamiek | Baie goeie bewustheid van musiekelemente en dinamiek getoon | Musikaliteit getoon, maar nie in staat om musiekelemente ten volle uit te druk nie/gepaste dinamiek | Tree met musikale bewustheid op | Kan tyd hou met die musiek/toon basiese bewustheid van die musiek | Die musiek is slegs in die agtergrond/ geen bewustheid nie |

## 4.3 PUNTGEOMSKAKELINGS VIR DIE DRIE EKSAMENAFDELINGS

| TEGNIESE KLAS | | |
|---|---|---|
| 1 | 2% | nie behaal nie |
| 2 | 4% | |
| 3 | 6% | |
| 4 | 8% | |
| 5 | 10% | |
| 6 | 12% | |
| 7 | 14% | |
| 8 | 16% | |
| 9 | 18% | |
| **10** | **20%** | |
| 11 | 22% | |
| 12 | 24% | |
| 13 | 26% | |
| 14 | 28% | |
| **15** | **30%** | **Lae vlak** |
| 16 | 32% | |
| 17 | 34% | |
| 18 | 36% | |
| 19 | 38% | |
| **20** | **40 %** | |
| 21 | 42% | |
| 22 | 44% | |
| 23 | 46% | |
| 24 | 48% | |
| **25** | **50%** | **Medium vlak** |
| 26 | 52% | |
| 27 | 54% | |
| 28 | 56% | |
| 29 | 58% | |
| **30** | **60%** | |
| 31 | 62% | |
| 32 | 64% | |
| 33 | 66% | |
| 34 | 68% | |
| **35** | **70%** | |
| 36 | 72% | |
| 37 | 74% | |
| 38 | 76% | **Hoë vlak** |
| 39 | 78% | |
| **40** | **80%** | |
| 41 | 82% | |
| 42 | 84% | |
| 43 | 86% | |
| 44 | 88% | |
| **45** | **90%** | |
| 46 | 92% | |
| 47 | 94% | |
| 48 | 96% | |
| 49 | 98% | |
| **50** | **100%** | |

| SOLO | | |
|---|---|---|
| 1 | 3% | Nie behaal nie |
| 2 | 7% | |
| **3** | **10%** | |
| 4 | 13% | |
| 5 | 17% | |
| **6** | **20%** | |
| 7 | 23% | |
| 8 | 27% | |
| **9** | **30%** | **Lae vlak** |
| 10 | 33% | |
| 11 | 37% | |
| **12** | **40%** | |
| 13 | 43% | |
| 14 | 47% | |
| **15** | **50%** | |
| 16 | 53% | |
| 17 | 57% | |
| **18** | **60%** | **Medium vlak** |
| 19 | 63% | |
| 20 | 67% | |
| **21** | **70%** | |
| 22 | 73% | |
| 23 | 77% | |
| **24** | **80%** | **Hoë vlak** |
| 25 | 83% | |
| 26 | 87% | |
| **27** | **90%** | |
| 28 | 93% | |
| 29 | 97% | |
| **30** | **100%** | |

| IMPROVISASIE | | |
|---|---|---|
| 1 | 5% | Nie behaal nie |
| **2** | **10%** | |
| 3 | 15% | |
| **4** | **20%** | |
| 5 | 25% | |
| **6** | **30%** | **Lae vlak** |
| 7 | 35% | |
| **8** | **40%** | |
| 9 | 45% | |
| **10** | **50%** | **Medium vlak** |
| 11 | 55% | |
| **12** | **60%** | |
| 13 | 65% | |
| **14** | **70%** | |
| 15 | 75% | |
| **16** | **80%** | **Hoë vlak** |
| 17 | 85% | |
| **18** | **90%** | |
| 19 | 95% | |
| **20** | **100%** | |

Kopiereg voorbehou 

## 5. ADMINISTRASIE VAN DIE PAT

### 5.1 PAT-nakoming met betrekking tot NSS-uitslae

- Hierdie 2023 PAT-dokument moet in alle provinsies geïmplementeer word deur onderwysers en skole wat graad 12-Dansstudies aanbied.
- Die doel van hierdie riglyn is om gedetailleerde instruksies aan onderwysers en leerders te verskaf oor hoe om die PAT-inhoud te administreer en te bestuur om aan KABV-vereistes vir eksterne moderering te voldoen.
- Dit is onderwysers se verantwoordelikheid om video-opnames van al die leerders se PATs vir eksterne modereringsdoeleindes te maak.

### 5.2 PAT-implementering vir Dansstudies

- Die PAT is 'n verpligte komponent van die finale graad 12-VOO-bevorderingspunt.
- Indien 'n leerder versuim om die PAT te voltooi, sal die leerder aan die einde van die jaar 'n onvoltooide/onvoldoende resultaat kry.

| KWARTAAL 1<br>PAT-PROSES | KWARTAAL 2<br>PAT-PRODUK | PAT-JAARPUNT<br>(25%) |
|---|---|---|
| • 25 punte skriftelik<br>• 25 punte prakties | • 25 punte skriftelik<br>• 25 punte prakties | **100 PUNTE** |
| **50 PUNTE** | **50 PUNTE** | |

### 5.3 Tydraamwerk

- Hierdie PAT word in Kwartaal 1 en 2 gedoen. Tyd moet binne die skoolrooster vir beide kwartale toegewys word. Dit moet beide die praktiese en geskrewe afdelings insluit.
- Bykomende tyd vir terugvoer en individuele aandag kan gedurende pouses/na skool tussen die onderwyser en die leerders gereël word. Dit sal onderwysers in staat stel om groepe by te staan/leiding in enige area/geestelike blokke wat hulle kan ervaar asook om raad vir verbeterings te gee.
- Finale assesseringsdatums moet vooraf aan die leerders/skool verskaf word.

### 5.4 Joernaalvereistes

- Elke leerder moet 'n aangewese joernaal hê vir die geskrewe inhoud van die proses en produk van die PAT. Die PAT moet nie in die taakboek gedoen word wat vir algemene studiedoeleindes gebruik word nie
- Die leerderopdrag (instruksies aan leerders) in hierdie dokument moet aan leerders verskaf word sodat hulle die stappe gedurende die twee kwartale kan volg.
- Die geskrewe werk moet 'n persoonlike weergawe van die leerder se eie ervarings tydens die ontwikkeling van die PAT wees.

### 5.5 Modereringsvereistes

- Leerders moet die nasienkriteria (puntestaat en rubriek) voor die aanvang van die PAT ontvang om hulle beplanning en voorbereiding te lei.
- Onderwysers moet gereeld die geskrewe werk lees en terugvoering vir verbetering in die joernale gee. Gereelde terugvoering gedurende die klas moet ook aandag geniet vir verbetering.
- Sodra die proses voltooi is, moet alle leerderjoernale en video-bewyse beskikbaar wees vir interne HOD-/provinsiale-/DBO-/UMALUSI-moderering.

## 5.6 Assessering en moderering

- Die gewigswaarde is 50/50 vir die praktiese en die geskrewe inhoud en mag nie aangepas word nie
- Die choreografie moet 2–3 minute lank wees.
- Die rekordhoudingblaaie op bladsy 17 en 20 moet gebruik word om die punte vir elke afdeling wat vir voltooiing van hierdie PAT vereis word, vas te lê.
- Die nasienrubrieke op bladsy 18, 19, 21 en 22 gee leiding oor hoe die punte volgens leerderprestasie toegeken moet word.
- 'n Nulpunt mag nie toegeken word nie, tensy 'n leerder by alle assesseringsareas afwesig was.
- Elke leerder word individueel nagesien. Hierdie punte moet hulle bydrae en deelname aan die proses en die finale vertoning/uitkoms van die PAT weerspieël.
- Die proses is dikwels meer onthullend van die werklike waarde van 'n leerder se deelname/voorbereiding/kennis/eksperimentering/kreatiwiteit behaal as die finale produk gelewer en moet dus noukeurig deur onderwysers gemonitor word.
- Die PAT kan as 'n openbare optrede/skoolopvoering/byeenkoms of in die dansklas gedoen word.
- **Onderwysers is verantwoordelik vir die saamstel van 'n DVD van elke leerder se choreografie** en die insamel van alle joernale/programnotas, indien apart, vir eksterne moderering.
- Puntestate met die leerders se name, datum van assessering, handtekeninge en punte moet in die onderwyser se lêer wees.

## 6. PAT-NASIENINSTRUMENTE

### 6.1 Kwartaal 1: PAT-prosespuntestaat

| **NAAM VAN SKOOL:**<br>**NAAM VAN ONDERWYSER(S):**<br>**ONDERWYSER(S) SE HANDTEKENING(E):**<br>**TITEL VAN DIE CHOREOGRAFIE:**<br>**HVD/MODERATOR SE HANDTEKENING:** | **Leerder 1** | **Leerder 2** | **Leerder 3** | **Leerder 4** | **Leerder 5** | **Leerder 6** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **KWARTAAL 1-PROSES: GESKREWE WERK IN JOERNAAL** | | | | | | |
| 1. Navorsing/Ondersoek oor gekose tema/bedoeling/idee om 'n danswerk te konseptualiseer | | | | | | |
| 2. Verduidelik die gebruik van improvisasie by die ontwikkeling van relevante bewegingswoordeskat/ simboliek | | | | | | |
| 3. Verduidelik die keuse van musiek/begeleiding en hoe dit die danswerk verbeter/versterk het/ bygedra het tot die danswerk | | | | | | |
| 4. Die redes vir die finale keuse van opvoerruimte/film. Die verkenning en gebruik van danselemente en choreografiese strukture | | | | | | |
| 5. Beplan die produksie-elemente en hoe dit die danswerk/simboliek versterk het | | | | | | |
| 6. Besin oor hoe die groep op mekaar inwerk en saamwerk. Selfbesinning oor deelname en ontwikkeling | | | | | | |
| **SUBTOTAAL 25** | | | | | | |
| **KWARTAAL 1-PROSES: PRAKTIESE ONTWIKKELING VAN PAT IN DIE KLAS** | | | | | | |
| 7. Voorbereidheid, toewyding en bydrae tot 'n groepdans | | | | | | |
| 8. Improvisasie wat kritiese denke, kreatiwiteit en eksperimentering van die leerderopdrag toon | | | | | | |
| 9. Eksperimentering met musiek/begeleiding – keuse om die dans te verbeter. | | | | | | |
| 10. Verkenning van produksie-elemente, film/konvensionele/nie-konvensionele dansruimtes. Eksperimenteer met danselemente en choreografiese elemente/-strukture. | | | | | | |
| 11. Produksiebeplanning toon 'n duidelike visie van finale produk | | | | | | |
| 12. Spanwerk (mense en tydsbestuursvaardighede). Leierskap en organisatoriese vaardighede. | | | | | | |
| **SUBTOTAAL 25** | | | | | | |
| **TOTALE HOLISTIESE PUNT VAN LEERDERPRESTASIE 50** | | | | | | |

## 6.2 Kwartaal 1: PAT-proses-nasienrubriek – Geskrewe Werk

| KWARTAAL 1: GESKREWE WERK IN JOERNAAL – 25 PUNTE<br>***Die leerder kan oor die volgende areas met insig en begrip skryf:*** | | |
|---|---|---|
| **HOOG (18–25)** | **MEDIUM (9–17)** | **LAAG (1–8)** |
| **1. Navorsing/Ondersoek:**<br>**Konseptualisering** van denkprosesse deur middel van navorsing/ondersoek na 'n konkrete konsep vir die gekose tema | **Navorsing/Ondersoek:**<br>**Aanpassing** van denkprosesse deur middel van navorsing/ ondersoek na 'n konsep vir die gekose tema | **Navorsing/Ondersoek:**<br>**Geleide** reaksie op navorsing/ ondersoek na 'n konsep vir die gekose tema |
| **2. Improvisasie:**<br>**Ontleding** van improvisasie/ eksperimentering en abstraksie van bewegingstrategieë om 'n bewegingswoordeskat te ontwikkel wat vir die gekose tema geskik is | **Improvisasie:**<br>**Verduideliking van** improvisasiestrategieë om nuwe bewegingswoordeskat deur eksperimentering te ontwikkel vir die gekose tema | **Improvisasie:**<br>**Lys** van improvisasiestrategieë met geleide instruksies gedoen |
| **3. Musiek/Begeleiding:**<br>**Evaluering** van hoe musiek/ begeleiding gekies is – proses/ redes en hoe dit die gekose tema verbeter het | **Musiek/Begeleiding:**<br>**Verduideliking** van hoe musiek/ begeleiding gekies is en hoe dit die gekose tema verbeter het | **Musiek/Begeleiding:**<br>**Identifisering** van musiek/ begeleiding vir die gekose tema gebruik |
| **4. Verkenning van produksie-elemente:**<br>**Ontleding** van hoe opvoerruimte/ film/danselemente/choreografiese strukture ondersoek is en finale keuses gemaak is om die gekose tema te verbeter | **Verkenning van produksie-elemente:**<br>**Verduidelik** die keuse van opvoerruimte/film/ danselemente/choreografiese strukture wat in die gekose tema geïnkorporeer/gebruik moet word | **Verkenning van produksie-elemente:**<br>**Identifiseer** opvoerruimte/ film/danselemente wat in die gekose tema gebruik moet word |
| **5. Produksiebeplanning:**<br>**Skep 'n** samehangende plan om alle areas van produksie te inkorporeer en hoe dit die beoogde danswerk/simboliek sal verbeter | **Produksiebeplanning:**<br>**Toon** kennis van produksie-elemente en hoe om dit by die gekose tema in te sluit | **Produksiebeplanning:**<br>**Identifiseer** produksie-elemente |
| **6. Besinning oor groep/self:**<br>**Evalueer** sterk- en swak punte/ magsverhoudings/leierskaprolle/ spanwerk/insette/voorbereidheid/ toewyding en kan strategieë vir verbetering in Kwartaal 2 aanbeveel | **Besinning oor groep/self:**<br>**Beskryf** sterk- en swak punte/ spanwerk/insette/voorbereidheid /toewyding en kan strategieë vir verbetering in Kwartaal 2 aanbeveel | **Besinning oor groep/self:**<br>**Noem** sterk- en swak punte gedurende die proses om 'n danswerk te skep. Kan nie sinvol reflekteer nie |

## 6.3 KWARTAAL 1: PAT-proses-nasienrubriek – Prakties

| **KWARTAAL 1: PAT-PROSES PRAKTIES – 25 PUNTE**<br>***Die leerder kan betrokke raak by improvisasie en eksperimentering met visie/insig oor hoe om 'n danswerk te ontwikkel (toon driejaar-VOO-ontwikkeling):*** | | |
|---|---|---|
| **HOOG (18–25)** | **MEDIUM (9–17)** | **LAAG (1–8)** |
| **7. Gereedheid/Toewyding/ Bydrae:**<br>**Toegewyde** deelname aan die ontwikkeling van 'n betekenisvolle danswerk/betekenis- en sinvolle bydrae in elke les/insiggewende begrip van hoe om voor te berei | **Gereedheid/Toewyding/ Bydrae:**<br>**Gedissiplineerde** deelname aan ontwikkeling van 'n danswerk/dra tot elke les by/ toon begrip van hoe om voor te berei | **Gereedheid/Toewyding/ Bydrae:**<br>**Onverskillige** deelname aan ontwikkeling van 'n danswerk/ minimale bydrae tot elke les/ geen begrip van hoe om voor te berei nie |
| **8. Improvisasie:**<br>**Artikuleer** veelvuldige/kreatiewe improvisasiestrategieë om relevante bewegingswoordeskat vir die gekose tema te ontwikkel | **Improvisasie:**<br>**Eksperimentering** met veelvuldige improvisasie-strategieë om bewegings-woordeskat vir die danswerk te ontwikkel | **Improvisasie:**<br>**Begeleide reaksie** op improvisasiestrategieë om bewegingswoordeskat vir die danswerk te ontwikkel. |
| **9. Musiek/Begeleiding:**<br>**Interpretasie en ondersoek** van die gekose musiek/begeleiding om musikaliteit en opvoerkwaliteit te ontwikkel | **Musiek/Begeleiding:**<br>**Eksperimenteer** met die gekose musiek/begeleiding om die gekose tema te ontwikkel | **Musiek/Begeleiding:**<br>**Onentoesiastiese deelname/** stem saam met die musiek/ begeleiding wat deur die groep verskaf word |
| **10. Verkenning van produksie-elemente**:<br>**Kreatiewe** verkenning van geskikte produksie-elemente om die gekose tema uit te beeld en toon 'n diepgaande begrip van komposisiestrukture (opvoerruimtes/ danselemente/choreografiese strukture/tegnologie) | **Verkenning van produksie-elemente**:<br>**Verkenning** van produksie-elemente vir die uitdrukking van die gekose tema wat 'n begrip van opvoerruimtes/dans-elemente/choreografiese strukture/tegnologie toon | **Verkenning van produksie-elemente**:<br>**Minimale/Geen verkenning** van produksie-elemente vir die uitdrukking van die gekose tema/geen bewys van driejaar-VOO-voorbereiding nie |
| **11. Produksiebeplanning:**<br>**Verkenning** van alle areas gedurende die proses voordat finale besluite vir die gekose tema geneem word | **Produksiebeplanning:**<br>**Sommige areas** is tydens die proses ondersoek voordat finale besluite vir die gekose tema geneem word | **Produksiebeplanning:**<br>**Minimale/Geen inagneming** is tydens die proses om finale besluite vir die gekose tema te neem, gegee nie |
| **12. Spanwerk, leierskap en organisatoriese vaardighede:**<br>**Samewerking** met groepslede dra ten volle by tot die algehele sukses van die danswerk deur probleme te bestuur en uitstekende organisatoriese vaardighede | **Spanwerk, leierskap en organisatoriese vaardighede:**<br>**Dra by** tot die algehele sukses van die danswerk deur deelname en samewerking met groepslede | **Spanwerk, leierskap en organisatoriese vaardighede:**<br>**Volg** groepslede en sukkel om by te dra tot die algehele sukses van die danswerk |

## 6.4 Kwartaal 2: PAT-produk-puntestaat

| **NAAM VAN SKOOL:**<br>**NAAM VAN ONDERWYSER(S):**<br>**ONDERWYSER(S) SE HANDTEKENING(E):**<br>**<u>GESELEKTEERDE TEMA:</u>**<br>**TITEL VAN DIE CHOREOGRAFIE:**<br>**HVD/MODERATOR SE HANDTEKENING:** | **Leerder 1** | **Leerder 2** | **Leerder 3** | **Leerder 4** | **Leerder 5** | **Leerder 6** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **KWARTAAL 2-PRODUK: EEN A4-BLADSY-PROGRAMNOTA – 25 PUNTE**<br>*Elke leerder moet 'n programnota saamstel wat hul gekose tema insluit. Dit kan in harde kopieë of elektronies ingedien word om driejaar-VOO-ontwikkeling in ontwerpvaardighede te toon.* | | | | | | |
| **1. Sinopsis:** Die opdrag is verstaan en die gekose tema is vasgelê en deur woorde/gedigte/aanhalings/ beelde/prente, ens. uitgedruk | | | | | | |
| **2. Inhoud:**<br>• Titel van die danswerk<br>• Die choreograaf (leerder in die groep wat indien) en kort agtergrondinligting<br>• Dansers – name van die ander dansers in die groepdans<br>• Musiek/Begeleiding om erkenning van die kunstenaar/groep, die snit gebruik, ens. in te sluit | | | | | | |
| **3. Ontwerp-elemente:** Geskik vir die gekose tema, kreatiwiteit, aandag aan detail (uitleg, font, prente/beelde, spasiëring, kennis van visuele geletterdheid wanneer 'n programnota aangebied word) | | | | | | |
| **4. Algehele indruk:** Programnota toon 'n samehangende aanbieding met denke en moeite wat in die finale produk ingesit is | | | | | | |
| **SUBTOTAAL 25** | | | | | | |
| **KWARTAAL 2-PRODUK: FINALE DANSVERTONING** | | | | | | |
| **5. Interpretasie van die 2023-PAT-leerderopdrag: *AFRICA INTO THE FUTURE/AFRIKA IN DIE TOEKOMS***<br>• Die gekose tema is duidelik herkenbaar in die finale danswerk<br>• Die gebruik van dans- en choreografiese elemente toon kreatiwiteit en relevansie van die gekose tema<br>• Die bewegingswoordeskat word simbolies gebruik om die gekose tema uit te beeld<br>• Produksie-elemente en musiek/begeleiding is relevant en verbeter/versterk die gekose tema<br>• Opvoerruimtes (konvensioneel of nie-konvensionele ruimte) of opvoeraanbieding (verfilm/lewendige optrede) | | | | | | |
| **6. Opvoerkwaliteit:**<br>• Spanwerk: interpretasie van bewegings, en vermoë om by 'n gehoor aan te sluit/impak.<br>• Fokus en toewyding | | | | | | |
| **7. Algehele indruk** van die finale danswerk met inagneming van alle areas | | | | | | |
| **SUBTOTAAL 25** | | | | | | |
| **HOLISTIESE PUNTE VAN PRESTASIE** (Geskrewe en Prakties) **50** | | | | | | |
| **TOTALE PUNT OOR <u>TWEE KWARTALE</u> 100** | | | | | | |

## 5.5 Kwartaal 2: PAT-produk-nasienrubriek – Een-bladsy-programnota

| KWARTAAL 2: PAT-PRODUK GESKREWE - EENBLADSY-PROGRAMNOTA – 25 PUNTE<br>***Die leerder kan 'n sinvolle programnota met insig en begrip van ontwerpelemente maak:*** | | |
|---|---|---|
| **HOOG (18–25)** | **MEDIUM (9–17)** | **LAAG (1–8)** |
| **1. Sinopsis:**<br>**Konseptualisering** en produksie van 'n relevante/ insiggewende programnota wat belangstelling by die kyker sal skep en die gekose tema vasvang | **Sinopsis:**<br>**Die vervaardiging** van 'n programnota wat inligting aan die kyker sal verskaf | **Sinopsis:**<br>**Basiese** nota verskaf/geen begrip van ontwerpelemente en doel van 'n programnota nie |
| **2. Inhoud:**<br>• 'n Relevante titel wat diepsinnig oor die gekose tema is<br>• Interessante insig in die choreograaf<br>• Dansers is erken<br>• Musiek/Begeleiding is erken | **Inhoud**:<br>• 'n Titel is verskaf wat in 'n mate met die gekose tema verband hou<br>• Choreograaf is ingesluit<br>• Dansers is erken<br>• Musiek/Begeleiding is erken | **Inhoud**:<br>• Sommige van die vereiste areas van die programnota is ingesluit<br>• Minimale begrip van vereistes |
| **3. Ontwerpelemente:**<br>Gepas vir gekose tema wat kreatiwiteit en aandag aan detail toon: uitleg, fonte, beelde/prente, spasiëring, kennis van visuele geletterdheid in aanbieding | **Ontwerpelemente:**<br>Gekose tema toon aandag aan detail: uitleg, fronte, beelde, spasiëring, aanbieding | **Ontwerpelemente:**<br>Basiese begrip van ontwerp-elemente/swak aangebied wat minimale moeite met vervaardiging van programnota toon |
| **4. Algehele indruk:**<br>Uitstekende aanbieding in alle aspekte met aandag aan detail en hoë vlakke van visuele geletterdheid/kreatiwiteit getoon | **Algehele indruk:**<br>Goeie aanbieding met alle aspekte ingesluit/aandag aan detail getoon/vlakke van kreatiwiteit getoon | **Algehele indruk:**<br>Swak aanbieding met minimale moeite getoon/ gebrek aan kreatiwiteit |

## 6.6 Kwartaal 2: PAT-produk-nasienrubriek – Finale Dansvertoning

| KWARTAAL 2: PAT-PRODUK FINALE DANSVERTONING – 25 PUNTE<br>***Die leerder kan 'n finale danswerk produseer wat die gekose tema met bedoeling en betekenis uitbring (toon driejaar-VOO-ontwikkeling):*** | | |
|---|---|---|
| **HOOG (18–25)** | **MEDIUM (9–17)** | **LAAG (1–8)** |
| **5. Interpretasie van die 2023-PAT-leerderopdrag:**<br>• Die gekose tema het 'n duidelike en herkenbare boodskap en interpreteer die opdrag met insig<br>• Die gebruik van dans- en choreografiese elemente is ontwikkel om die gekose tema te verbeter<br>• Simboliek in die bewegingswoordeskat word duidelik getoon om die gekose tema te versterk<br>• Produksie-elemente wat gekies is, verbeter die gekose tema en is relevant<br>• Kreatiewe gebruik van opvoerruimte wat die tema en bedoeling van die danswerk duidelik versterk. | **Interpretasie van die 2023-PAT-leerderopdrag:**<br>• Die gekose tema het 'n vae boodskap en die opdrag is nie met begrip gevolg nie, maar 'n goed saamgestelde danswerk is aangebied<br>• Dans en choreografiese elemente is ingesluit, maar versterk nie die tema nie<br>• Die bewegingswoordeskat toon nie die gekose tema nie<br>• Produksie-elemente wat gekies/gebruik is, hou nie verband met die gekose tema nie<br>• Die gebruik van opvoerruimte verbeter nie die gekose tema nie | **Interpretasie van die 2023-PAT-leerderopdrag:**<br>• Minimale betrokkenheid by die opdrag<br>• Minimale begrip van die driejaar-VOO-proses in die ontwikkeling van 'n PAT-danswerk<br>• Minimale betrokkenheid by/belangstelling in die proses en produk om met 'n groep te werk om 'n finale produk te skep<br>• Gebruik van opvoerruimte is beperk en verbeter nie die tema nie |
| **6. Opvoerkwaliteit:**<br>• Spanwerk goed gevestig om hoë gehalte opvoerkwaliteit te produseer, om bewegings op te voer wat by die gehoor aansluiting vind/impak/ fokus en toewyding<br>• Fokus en toewyding word deurgaans getoon en betrek die gehoor | **Opvoerkwaliteit:**<br>• 'n Bietjie spanwerk om voldoende opvoerkwaliteit te produseer, interpretasie van bewegings vind op plekke nie aansluiting by die gehoor nie<br>• Fokus en toewyding op plekke getoon | **Opvoerkwaliteit:**<br>• Spanwerk is minimaal en lewer lae opvoerkwaliteit: interpretasie van bewegings is beperk en kan nie 'n gehoor betrek nie<br>• Fokus en toewyding is minimaal |
| **7. Algehele indruk:**<br>• Genaturaliseerde opvoering deur die groep wat aandag aan detail, akkuraatheid, projeksie en hoë opvoerkwaliteit deurgaans toon. | **Algehele indruk:**<br>• Presisie vertoning deur die groep wat akkuraatheid, projeksie en opvoerkwaliteit in die danswerk toon | **Algehele indruk:**<br>Vertoning nie voldoende geoefen deur die groep nie wat beperkte opvoerkwaliteit in die danswerk toon. |

## 7. ONDERWYSERRIGLYNE

### 7.1 Doel en voordele van die PAT

- Dit dien om die hoërorde-denke en opvoervaardighede wat vir die NSS-V1 en V2 benodig word, te versterk.
- Dans as 'n uitvoerende kuns moet nie net in die klaskamer en eksamenlokaal ervaar word nie, maar ook in produksies op die verhoog, waar moontlik.
- Optrede verhoog die standaard van danstegniek en opvoerkwaliteit.
- Dit moedig 'n aktiewe en kritiese benadering tot leer/kennis aan, eerder as om gegewe waarhede uit die kop te leer.
- Dit leer inhoud, konsepte, vaardighede, bevoegdhede, houdings en waardes – noodsaaklike lewensvaardighede wat in die 21$^{ste}$ eeu benodig is.

### 7.2 Stap-vir-stap-plan om die PAT te ontwikkel

Die tema vir die choreografie- PAT is vasgestel. Leerders mag EEN van die VIER temas hieronder kies:

### 1. AFROFUTURISME







AFROFUTURISME is 'n beweging wat na die verlede en toekoms kyk en 'n beter Afrika vir swart mense van Afrika voorstel. Ontdek wat dit beteken om in die toekoms 'n mens uit Afrika te wees deur jou leerders te inspireer om Afrika-kultuur en -wetenskap, tegnologie, kuns en musiek saam te voeg. Verken hoe Afrofuturistiese film, -dans of -letterkunde ten doel het om swartmense van Afrika van vorige onderdrukking soos slawerny, kolonialisme en apartheid, te bevry. Staan leerders by om hulle eie futuristiese swart Afrika-identiteit te vind



[Bron: https://bit.ly/3qDq32G]



[Bron: https://bit.ly/3DtFXVf]

## 2. PROUDLY AFRICAN




**PROUDLY AFRICAN** laat leerders toe om hulle/ander kulture, tradisies en erfenis te verken. Hierdie opdrag inspireer leerders om dit wat dit beteken om 'n mens uit Afrika te wees, te vier. Leerders kan eer betoon aan die uniekheid van Proudly African te wees deur choreografie, opvoer/optrede, kostuums, opvoerruimtes, ens. Hierdie opdrag beklemtoon waarom die leerders trots is om van Afrika te kom. Verken plaaslike toneelspelers, musikante, kunstenaars en rolprente wat die leuse 'Proudly African' inspireer.



[Bron: https://bit.ly/3DmGMyO]



[Bron: https://bit.ly/3BiA4am]

## 3. TIME FOR TRUTH






**TIME FOR TRUTH** ondersoek menseregte, die einste menseregte wat bedoel is om ons te beskerm maar eerder 'n gebroke nasie veroorsaak. Hierdie opdrag stel leerders in staat om as Suid-Afrikaners saam te staan, om vrae te vra en om dit wat verkeerd is, reg te maak deur die waarheid te ontbloot. Deur menseregte te ondersoek, behoort hierdie opdrag leerders te inspireer om standpunt in te neem en bewustheid rondom hierdie krisis in ons land te te skep. Moedig leerders aan om 'n manier te vind om vorentoe te beweeg om 'n beter môre te skep.



[Bron: https://bit.ly/3LnRBmu2G]



[Bron: https://bit.ly/3S5XEhr]

## 4. EVERY DAY IS EARTH DAY







**EVERY DAY IS EARTH DAY** ondersoek die omgewingsprobleme wat ons planeet teister. Hierdie opdrag Hierdie opdrag stel leerders in staat om te worstel met uitdagings oor hoe om ons natuurlike hulpbronne, soos die see, woude, plante en diere, te beskerm en te bewaar. Leerders kan ook hierdie opdrag interpreteer deur die skoonheid van die Suid-Afrikaanse omgewing te verken of die skep van 'n terrein-spesifieke dans in 'n spesifieke omgewing.



[Bron: https://bit.ly/3BKGjW0]



[Bron: https://bit.ly/3QNwXgG]

Bespreek al VIER temas met jou leerders.
Sodra die leerders EEN van die vier temas gekies het, kan hulle na die gedetailleerde bladsy in die Leerderriglyne, wat volg, kyk om met hul navorsing/ondersoeke te help.

**STAP 1: VOORBEREIDING**

- Hierdie PAT is verpligtend en moet deur alle graad 12-leerders voltooi word.
- Daar word van jou verwag om 'n onderrigplan vir Kwartaal 1 en Kwartaal 2 te ontwerp.
- Jy kan 'n onderrigplan ontwerp wat by jou konteks pas, bv.:
  - Weekplan (een klas per week)
  - 'n Plan vir 15 minute aan die einde van elke praktiese klas
  - Moduleplan (elke klas vir een week per kwartaal)
- Leerders moet deur die hele proses onder toesig wees en mag nie die PAT gegee word om sonder toesig buite die skoolrooster te doen nie. Dit sluit beide die praktiese en geskrewe komponente in wat by die kwartaalbeplanning in berekening gebring moet word.
- Jy is verantwoordelik vir die bestuur van die leerders na skoolure/gedeelde tyd vir die gebruik van die lokale/toerusting, ens. en om hul veiligheid te verseker wat beteken dat jy saam met die leerders op die terrein moet wees.
- Jy is verantwoordelik vir die hou van 'n bywoningsregister vir alle lesse (tydens skool/na skool/addisionele tye) vir al die leerders en om hulle betrokkenheid aan te teken om 'n betroubare proses-/produkpunt te gee.
- Die gewigswaarde van prakties en teoreties = 50/50 moet by alle beplanning ingesluit word.
- Die verfilming van PAT'e moet by die tydraamwerk vir beplanning ingesluit word aangesien dit 'n verpligte vereiste vir moderering is

**STAP 2: LESBEPLANNING**

- 'n Effektiewe lesplan verhoog die leerkrag van leerders. Sodoende help dit leerders om van kennisontvangers na aktiewe soekers na leer en betrokkenheid te beweeg.
- Skep gedetailleerde lesplanne vir elk van die SES stappe wat in die leerderopdrag beskryf word:
  - Besluit watter hulpbronne (video's, musiek, rekwisiete, ens.) jy sal nodig kry
  - Beplan die praktiese en geskrewe aktiwiteite wat jy met jou leerders gaan uitvoer. Die geskrewe aspek moet dit wat in die praktiese klas gedoen is, te versterk.
  - Navorsaktiwiteite, bv. lees van artikels, kyk na video's, luister na poduitsendings, skep van breinkaarte, ens.
- Improvisasie-aktiwiteite wat danselemente (ruimte, tyd en krag) en choreografiese strukture (kanon, stilte, unison, herhaling, motiewe, simmetrie, asimmetrie), beweging of choreografie verken. Hierdie les kan aangepas word met gebruik van baie ander stimuli.

## STAP 3: ORGANISEER DIE LEERDERS

- Druk die PAT-opdrag vir elke leerder uit. As jy net in swart en wit kan druk, maak seker dat jy 'n ander opsie het om die opdrag in kleur aan jou leerders te wys, bv. projekteer op die bord, stuur 'n elektroniese weergawe van die PAT per e-pos of WhatsApp, druk een kleurweergawe en plak dit teen jou klaskamermuur, ens.
- Besluit hoe jy die groepering van leerders wil bestuur. Om die leerders self te laat kies, kan moontlik die volgende uitdagings bied:
  - Gevoelens kan seergemaak word as iemand uitgelaat word
  - Beste vriende werk nie altyd goed saam nie
  - 'n Groep leiers kan bots
  - 'n Groep volgelinge sal nie weet waar om te begin nie, ens.
- Organiseer die leerders in groepe van 3–6.
- As daar in 'n groep gechoreografeer word, verskaf leerders EEN choreografiese werk met al die lede van die groep wat tot hierdie werk bydra.
- As daar net 1 of 2 graad 12-leerders is, kan dansers van ander grade gebruik word om in die choreografie/danswerk te dans.
- Die PAT vereis van leerders om 'n groepdans te produseer. Hulle mag nie 'n solo of duet produseer nie.
- Bespreek die belangrikheid daarvan om by hulle keuse te hou aangesien daar tydraamwerke en spertye is waarby die leerders moet hou.

## STAP 4: JOERNAAL

- Maak seker dat elke leerder 'n joernaal het wat na elke PAT-klas gebring moet word.
- Die joernaal kan in 'n boek of aanlyn gedoen word via Jamboard, Padlet, Google Slides, ens.
- Jy moet die belangrikheid van die joernaal met jou leerders bespreek:
  - Volg vordering
  - Beplan choreografie
  - Beplan die gebruik van danselemente en choreografiese strukture
  - Ontwerp produksie-elemente
  - Groep en selfbesinning gedurende die proses
  - Ontwerp 'n eenbladsy-programnota
- Joernale moet gereeld nagesien word met terugvoering om met die ontwikkeling van die choreografie te help
- Gee leiding vir die eenbladsy-programnota wat die volgende moet insluit:
  - 'n Titel
  - Sinopsis/Bedoeling
  - Die choreograwe, dansers, en produksiespan
  - Leerders moet die kreatiewe ontwerp (kleur, uitleg, lettertipe en beeldkeuses) van die een-bladsy-programnota in ag neem
- Die ontwerp moet direk met die gekose tema verband hou

**STAP 5: STAPPE OM LEERDERS LEIDING TE GEE MET DIE KONSTRUKSIE VAN 'N FINALE PRODUK:**

- Om 'n denkproses van die gekose tema in 'n konkrete konsep te plaas deur navorsing/ ondersoek. Jy sal die leerders met hul navorsing moet lei en hulle moet help om te beplan en te eksperimenteer hoe om hul tema in choreografie uit te beeld.
- Interpreteer die gegewe idee/tema/verhaal in 'n relevante bewegingswoordeskat. Jy sal aan die leerders moet verduidelik dat die bewegingswoordeskat wat hulle tydens improvisasie-oefeninge skep, simbolies van hul gekose tema moet wees. Dit kan verken word deur gebare, motiewe, kort bewegingsfrases, ens.
- Die gebruik van improvisasie/abstraksie/simboliek om 'n relevante bewegingswoordeskat te skep.
- Inkorporeer danselemente (ruimte, tyd en krag) by jou improvisasieklasse deur aktiwiteite te skep wat elke element verken, bv. Ruimte – ondersoek verskillende vlakke, positiewe en negatiewe ruimte, rigtings, unisoon (eenheidsbeweging), begin en einde, ens. Tyd – bestuur aktiwiteite wat die spoed van bewegings, stilte, kanon en unisoon, ens verken. Krag – Eksperimenteer met dinamiek (sag, hard, rof en sorgsaam) in 'n improvisasie-aktiwiteit.
- Kies en inkorporeer toepaslike choreografiese strukture/strategieë. Jy sal die leerders deur aktiwiteite lei wat verskillende choreografiese strukture (kanon, unisoon, patroonvorming, stilte, motiewe, tegnologie, herhalings, ens.) verken en hulle help om choreografiese strukture wat hul tema sal versterk, toe te pas.
- Jy sal verskillende musiekkeuses moet verskaf en die leerders lei om musiek wat hul tema sal verbeter, te kies. Die gebruik van verskillende musiekgenres in jou praktiese en improvisasieklasse help om kreatiwiteit aan te vuur.
- Jy moet leerders lei om die mees relevante materiaal, wat hulle gedurende hul beplannings- en improvisasieklasse ontwikkel het, vir hul finale produk te kies.
- Kies 'n geskikte opvoerringsruimte vir die danswerk (konvensioneel/ nie-konvensioneel).
- Ontwerp van produksie-elemente vir die danswerk. Die beplanning van die gebruik van produksie-elemente deur elke leerder moet nie beperk word tot hul werklike vertoning nie. Leerders moet aangemoedig word om te ontwerp/skep/konseptualiseer wat hulle in die produksie sou gebruik het as hulle 'n onbeperkte begroting gehad het.
- Die relevansie/simboliek van hoe hierdie produksie-elemente die betekenis van die werk sal versterk, moet in die joernaal verduidelik word. Jy moet die belangrikheid van simboliek aan die leerders verduidelik en hoe produksie-elemente sleuteloomblikke in hul choreografie kan uitlig, bv. die gebruik van verskillende helderkleurige beligting kan Suid Afrika as die reënboognasie simboliseer.
- Oefening en bemeestering van die danswerk vir 'n finale uitvoering.
- Ontwerp 'n eenbladsy-programnota *(sien leiding vir die ontwerp van 'n een-bladsy programnota onder stap 4).*
- 'n Egtheidsverklaring word van elk van die leerders vereis wat aandui dat hulle choreografie eg is en geen plagiaat gepleeg is nie.
- Gedurende die PAT-proses sal jy groepbesinning met die leerders lei. 'n Finale groepbesinning oor hoe die groep gewerk het (interaksies, positiewe en negatiewe waarnemings) moet in die joernaal aangedui word.
- Jy sal die leerders moet lei om oor die proses gedurende die PAT te besin. Wanneer die finale produk aangebied word moet 'n finale selfbesinning (eie sterk punte/swak punte/ groei) in die joernaal voltooi word.

## 7.3 Voorbeeld van 'n improvisasie-aktiwiteit

Om die PAT-opdrag saam met al jou graad 12 leerders te verken, kan die volgende improvisasie-aktiwiteit gebruik word as 'n inleiding oor hoe om bewegingswoordeskat te ontwikkel, ongeag die tema wat hulle gekies het.

Hierdie aktiwiteit sal baie lesse in die prosesfase in Kwartaal 1 vereis, afhangende van die tyd wat toegeken is.

Gebruik die lirieke van Vicky Samson se liedjie, *My African Dream*, om die aktiwiteit te lei.

- Voorsien leerders van die gedrukte liriek van die liedjie of projekteer dit op 'n skerm.
- Verduidelik wat die bedoeling van 'n aksiewerkwoord is en hoe elke werkwoord gebruik kan word om 'n bewegingswoordeskat te ontwikkel.
- Plaas leerders in groepe en vra hulle om die aksiewerkwoorde wat in die lirieke verskyn, uit te lig.
- Gee leerders tyd om die werkwoorde wat hulle gekies het, te bespreek.
- Hulle moet dan elke aksiewoord in beweging ontwikkel.
- Speel die liedjie terwyl hulle dit doen (jy sal dit dalk 'n paar keer moet speel).

https://www.youtube.com/watch?v=9K10pX5_gz8&t=20s

Kyk hoe Vicky Sampson *My African Dream (*1 Mei 2017) op Expresso uitvoer.
Baie interessante onderhoud om die PAT mee te begin aangesien dit verband hou met al vier die temas.



**AKTIWITEIT 1**

- Vra leerders in hul groepe om VIER van die aksiewerkwoorde wat hulle geïdentifiseer het te kies en 'n beweging te skep wat elke aksiewoord verteenwoordig. Laat tyd toe vir verkenning en samewerking om bewegings wat geskep is te bevestig totdat die hele groep gelukkig is.
- Hierdie bewegings moet dan geabstraheer word sodat dit nie meer mimiek/gebare is nie, maar dansbewegings.
- Die keuse van vier bewegings pas oor die algemeen by die maatsoort vir hierdie musiekstuk. Geen musiek is op hierdie stadium nodig nie

***MY AFRICAN DREAM*** (voorbeelde van moontlike aksiewerkwoorde in vetdruk geïdentifiseer)

Sometimes **alone** in the evening I **look** outside my window
At the shadows in the night
I **hear** the sound of distant **crying**
The darkness multiplying
And weary hearts denied
All I feel is my heart beating
Beating like a drum, beating with confusion
All I hear are the voices, telling me to go
But I could never run, 'Cause
In my African Dream, there's a new tomorrow
My African dream, is dream that we can follow
Now when the night begins to fall,
I listen for your call, I listen for you heartbeat
Alone my dream is just a dream
Another false illusion, a shadow in the night
All I want is for our heartbeats to be beating just as one,
To silence the confusion
Then the pain and the illusion will disappear again
And we will never run, Cause
In my African Dream, there's a new tomorrow
My African Dream is a dream that we can follow
And though it would seem my hope's an illusion
My African Dream is an end to the confusion
Mawetbu we Afrika (Africans)
Nine kusasa Elittlbe (You have a bright future)
Igugu e Afrika (Pride of Africa)
Sizoni landela ma Afrika (We shall follow you Africans)
Siyayibona Intlanzi (We can see the future)
Ukukbanya Kwentokozo (The light of joy)
Iguguletbu le Afrika (Afrikan pride)
Ukupbela Kwenkinga Zonke (The end of all tribulation) ...

**AKTIWITEIT 2**

- Vra leerders om hul vier bewegings in 'n kort bewegingsin te ontwikkel deur hul bewegings met oorgange te koppel. Verduidelik wat oorgange is – hoe jy van een beweging na 'n volgende beweeg om die beweging soos 'n ketting te verbind.
- Koppel dit aan musiekfrases in hierdie geval 4/4-tydmaatsoort wat bewegings benodig om in 'n frase van 4 of 8 tellings in te pas. 4 is baie vinnige oorgange, 8 maak voorsiening vir 1 maatslag tussen bewegings. Dit kan selfs langer wees, maar verduidelik wat musiekfrasering is.

**AKTIWITEIT 3: VERKEN RUIMTE**

- Vra leerders om hul bewegingsinne te doen terwyl hulle na die musiek luister deur eers 'n groot hoeveelheid spasie en dan 'n klein hoeveelheid spasie te gebruik.
- Bespreek hoe kontrasterende ruimtegroottes hul bewegings beïnvloed het en die gevoel wat dit geskep het, asook die hoeveelheid tyd wat nodig is in die musiek om die bewegings te voltooi.
- Vra leerders om hul bewegingsinne wat positiewe en negatiewe ruimte behels, te ontleed – om 'n groot hoeveelheid ruimte te gebruik sal baie negatiewe ruimte gebruik word, om baie min ruimte te gebruik sal baie positiewe ruimte behels waar dansers baie na aan mekaar optree (maak seker die leerders verstaan die verskil).
- Bespreek hoe dit hul bewegings beïnvloed het en die gevoel wat dit tussen dansers geskep het (om vêr van mekaar te wees teenoor baie naby aan mekaar).
- Bepreek hoe ruimte die tyd wat nodig is om tussen bewegings te kom, beïnvloed het.

**AKTIWITEIT 4: VERKEN KRAG**

- Vra leerders om hul bewegingsinne te doen deur verskillende hoeveelhede krag/energie te gebruik:
    - Voer alle bewegings met min/ minimale krag uit – ligte, sagte bewegings en die hoeveelheid tyd wat hiervoor benodig word – oor die algemeen stadiger.
    - Voer alle bewegings met maksimum krag uit – sterk aggressiewe bewegings – oor die algemeen vinniger.
    - Kombineer hierdie kontrasterende bewegings van sag en sterk in die bewegingsin met die musiek en nou sal hierdie bewegingsin langer neem – miskien 2 of 3 frases.
- Bespreek hoe dit hul bewegings en emosies rondom hierdie bewegings beïnvloed het.

**AKTIWITEIT 5: VERKEN TYD**

- Verken verskillende tempo's deur die bewegingsinne vinnig en stadig te doen – gekoppel aan krag.
- Verken herhaling, stilte, kanon, ens.
- Bespreek hoe dit hul bewegings en emosies rondom hierdie bewegings beïnvloed het.
- Het hulle oomblikke van geen bewegings gebruik?
- Bespreek wat hulle reaksie op die musiek op hierdie stadium is.

**AKTIWITEIT 6: VERKEN CHOREOGRAFIESE STRUKTURE**

- Leerders het nou alle areas van danselemente verken wat baie nou aan choreografiese strukture gekoppel is.
- Hulle kan rondom hierdie vier bewegings wat tydens hierdie improvisasie-aktiwiteit ontwikkel is, 'n baie kort danswerk skep.
- Vra leerders om 'n begin en einde vir hul danssin te oorweeg.
- Bespreek watter beweging 'n motief kan word wat herhaal word om die boodskap te versterk. Hoe kon hulle hierdie motief ontwikkel?
- Hoe kan hulle tyd, ruimte en krag gebruik in hul finale improvisasie-aanbieding?
- Wil hulle 'n klimaks in hierdie improvisasie skep (verduidelik wat dit is – 'n hoogtepunt in hierdie kort eksperiment).
- Laat tyd toe vir elke groep om hul improvisasie aan te bied en terugvoering van maats te ontvang. Gee leerders genoeg tyd om te dink, te verken en te skep. Ken tyd toe in jou les vir besinning, bespreking en deel van kennis. Vra leerders om neer te skryf hoe die danselemente/choreografiese strukture/die gebruik van stimulus beweging of choreografie kan beïnvloed.

**8. PAT-OPDRAG – RIGLYNE VIR LEERDERS**

# AFRIKA IN DIE TOEKOMS


*Verbeel jou 'n beter môre*



## STAP 1

- *Kies **EEN** van die **VIER** temas wat hieronder gelys word.*
- *Lees die opdrag aandagtig deur voordat jy jou finale keuse maak*
- *Kyk na aanbevole video's wat jou onderwyser vir jou sal wys*

- Hou 'n dinkskrum in jou groep oor watter van die **VIER** keuses jy sal kies.
- Sodra jy jou keuse gemaak het, gaan hersien, kyk, lees, verken en ontwikkel verder jou idees rondom daardie keuse.
- Sluit alles by jou joernaal in wat jy gevind het om met jou groep te deel.
- Maak finale keuses/besluite oor hoe jy jou keuse sal interpreteer uit een van die TWEE opsies hieronder:
  - 












# AFROFUTUR-I-SM

Addressing concerns of the 21st century techno culture and includes artistic, scientific and spiritual practices throughout African diaspora. It is most associated with science-fiction

**Click to the link to watch**
https://youtu.be/XBdBPiRywlA




Diaspora *die verspreidingvan mense van hulle oorspronklike tuisland af*



**Click the link to listen**
https://youtu.be/7---iGdDIBQ




**Click the link to read the article** https://bit.ly/3B90I5L

## AFROFUTUR-I-SM

**REDEFINE CULTURE AND NOTIONS OF BLACKNESS FOR TODAY AND THE FUTURE**



# PROUDLY AFRICAN

"I AM AN AFRICAN. I OWE MY BEING TO THE HILLS AND THE VALLEYS, THE MOUNTAINS AND THE GLADES, THE RIVERS, THE DESERTS, THE TREES, THE FLOWERS, THE SEAS AND THE EVER-CHANGING SEASONS THAT DEFINE THE FACE OF OUR NATIVE LAND." - THABO MBEKI



**Explore your culture, traditions and what it means to you, to be proudly African. Be inspired by fusion of movement, music, art and bring cultures together. Africa is richly diverse, pay tribute to your cultural heritage and celebrate its uniqueness through choreography.**



Below is further inspiration for developing the PAT:




SHARE

**Our diversity is what makes South Africa one of the most beautiful countries in the world. With 11 official languages, each culture embraces the essence of what it means to be an African through food, music, dance and fashion.**

This Heritage Month, we take a look at some of the traditional clothing worn by our beautiful nation.

https://bit.ly/3DjFNzm







https://bit.ly/3RYCceo

Masaka Kids Africana - "This is Africa"
Masaka Kids Africana is a Uganda-based organization that helps children who have gone through terrible experiences. Watch them spread their love for Africa.




https://bit.ly/3dbRdKT


"Dear Africa" by Koleka Putuma
A poem that celebrate being an African. It explores traditions, culture and unity.




https://bit.ly/3U5YhJG

I N G O M A choreographed by Mthuthuzeli November, depicts the struggles of black South African miners and their families in 1946. Through a fusion of ballet, African dance and singing, we portray a milestone moment in South African history.




Below are lyrics from "AFRICANDREAM" By Vicky Samson

'Cause in my African dream,
there's a new tomorrow
My African dream is a dream
that we can follow
And though it would seem
my hope's an illusion
My African dream is
an end to the confusion

Mawetbu we Afrika
Nine kusasa Elittlbe (This is for love)
Igugu e Afrika (This is your love)
Sizoni landela ma Afrika
Siyayibona Intlanzi
Ukukbanya Kwentokozo
Iguguletbu le Afrika
Ukupbela Kwenkinga Zonke





https://bit.ly/3QWH4Qp

# TIME FOR TRUTH



**Are we questioning our rights?**

**Human rights are inherent to us all, regardless of nationality, gender, ethnic origin, religion, language, or any other status. Rights are being violated and resources are becoming more and more scarce. It is our duty as human beings to create awareness around these issues.**




***Read:***
Article on Striving for change and social justice

Young activists in our midst

***Listen:***
Lyric Video
Stand up
by Cynthia Erivo




https://bit.ly/3DdBlIU

**AFFECTING CHANGE FOR A BETTER TOMORROW**

***Watch:***
#SAVETHECHILDREN|
Created by Nicole Kirkland










AS SOUTH AFRICANS WE MUST CREATE AWARENESS AND AFFECT CHANGE FOR TOMORROW

# every day is earth day.




## See yourself as an environmentalist?



***noun***
*a person who is concerned about protecting the environment*

*Use dance and choreography to explore protecting, preserving & solving problems related to our natural environment in South Africa.*

***Consider environmental issues affecting South Africans.***

***Examples:***
*pollution, overpopulation, waste disposal, climate change, global warming, land degradation, deforestation, biodiversity loss, lack of clean water, etc.*

**Listen:**
Spoken Word apology letter entitled *Dear Future Generations: Sorry*
https://bit.ly/3DjXijc




**Read:**
Article on how South Africa's KZN floods compel climate action

Floods detail the effects of climate

**Watch:**
Dance performance about the environmental climate crisis




https://bit.ly/3RTe6ld




**Watch:**
*RAIN DANCE* by South African ballet dancer *Kitty Phetla*



https://bit.ly/3L8SgIf





# STAP 2


- *Jy hoef nog nie musiek/begeleiding te hê nie*
- *Verken eerder bewegings en idees*

- Begin om met bewegings te eksperimenteer en improviseer wat jy dalk kan gebruik om jou boodskap oor te dra, bv.
  - Skryf sleutelwerkwoorde neer wat jou keuse beskryf en skep dan 'n beweging vir elke woord
  - Skep 'n motief wat iets in jou keuse uitdruk wat uitgebrei kan word en op verskillende tye in jou dans gebruik kan word
  - Eksperimenteer met alledaagse bewegings en gebare
  - Kombineer bewegings in maniere wat jou keuse uitdruk
  - Kontakimprovisasie/kontakwerk
- Plaas in jou joernaal al jou idees wat jy deur improvisasie verken het










# STAP 3

- *Besluit hoe jy jou werk wil aanbied, bv.:*
  - *'n Regstreekse optrede*
  - *'n Dans vir 'n rolprent geskep*
- *Sal jy die volgende gebruik:*
  - *Konvensionele/Teaterverhoog*
  - *Nie-konvensionele/Terrein-spesifieke ruimte*

- Oorweeg hoe jy die bewegingsidees wat jy geskep het, sal aanpas vir die ruimte/medium wat jy gekies het:
  - **Film:** neem hoeke, skote (naby vs. wye skoot), redigering, effekte, ens. in ag
  - **Regstreeks:** posisie van die gehoor, in- en uitgange, ens.
- Gaan voort om ander areas te verken wat jy dalk nou wil insluit sodra jy jou besluit geneem het, bv.
  - Gebruik rekwisiete
  - Gebruik dele van die omgewing in jou bewegings, bv. in 'n boom, om 'n pilaar, ens.
- Dit is 'n goeie idee om jouself te verfilm terwyl jy die verskillende opsies verken. Op hierdie manier kan jy teruggaan en sien hoe effektief jou bewegings is.
- Hou aan skryf in jou joernaal om al jou idees op een plek te hou. Skryf oor die keuse wat jy gemaak het vir die uitvoering van die dans







# STAP 4

- *Kies musiek/begeleiding wat jou keuse kan versterk.*
- *Maak finale keuses oor rekwisiete, kostuums, plekke, ens.*
- *Neem die algehele produksie-elemente oor jou gekose tema in ag.*

- Sodra jy die musiek-/begeleidingskeuse gemaak het, begin die volgende areas interpreteer:
  - Dinamiek, lirieke, instrumente, klankeffekte, tydmaatsoortteken, struktuur, tempo, toonkleur, stilte
  - Om dit sigbaar te maak in jou bewegings
  - Die verhouding tussen die musiek/ begeleiding en die beweging
- Kies produksie-elemente wat met jou tema verband hou en jou boodskap/ bedoeling simbolies uitdruk:
  - Oorweeg beligting en/of effekte wat die beste by jou choreografie sal pas. As jy 'n nie-konvensionele ruimte gebruik, kan die beligting onvoorspelbaar wees. bv. sonnig op een dag en bewolk op 'n ander
  - As jy rekwisiete/kostuums, baadjies, hoede, ens. van enige aard insluit, moet jy gereeld daarmee oefen. Moenie dit nie tot op die laaste oomblik laat om dit te gebruik nie
- As jy vir film choreografeer of nie-konvensionele opvoerruimtes gebruik, besluit op jou beligting en wanneer dit geskik is om daar te repeteer/verfilm
- Hou aan om al jou besluite in jou joernaal neer te skryf oor jou keuse van musiek/ begeleiding/opvoerruimte/regstreeks of film. Verduidelik hoekom jy hierdie keuses gemaak het en hoe dit jou danswerk sal verbeter







# STAP 5

- *Inkorporeer danselemente*
- *Choreografiese strukture*

- Plaas jou bewegingsidees in 'n samehangende geheel wat danselemente en choreografiese strukture insluit, bv.:
  - **RUIMTE:**
    - Hoe baie/min spasie jy gebruik
    - Patrone/Groeperings/Plasing van dansers
    - Rigtings, ens.
    - Unisoon (eenheidsbeweging)/Simmetrie/Asimmetrie
    - Begin/Einde
  - **TYD:**
    - Die spoed van jou bewegings – watter afdelings is vinnig/stadig, ens.
    - Oomblikke van stilte
    - Die lengte van sekwensies/afdelings, ens.
    - Kanon/Unisoon
  - **KRAG:**
    - Die dinamiek binne jou dans
    - Watter bewegings is groot/sterk/hard
    - Watter bewegings is sag/sagkens, ens.










# STAP 6

*Finaliseer jou danswerk en tref voorbereidings vir jou finale vertoning.*

- Neem die volgende areas vir aanbieding in ag:
  - Het jy goed genoeg geoefen?
  - Het jy jou kostuums gefinaliseer?
  - Het jy die musiek gesny?
  - Het jy jou opvoerruimte/
  - lokaal bevestig?
  - Indien jy verfilm, het jy jou opnametoerusting nagegaan?

- **Ontwerp 'n eenbladsy-programnota** met inagneming van die volgende:
  - 'n Titel
  - Sinopsis/Bedoeling/ Voorneme
  - Die choreograwe, dansers en produksiespan
  - Kreatiewe ontwerp (kleur, uitleg, font en prentkeuses) wat met jou tema verband hou



**'n Verklaring van egtheid moet voor in jou joernaal geplak word.**

| **VERKLARING VAN EGTHEID** | |
|---|---|
| Hierdie verklaring moet deur die leerder voltooi en onderteken word en deur die onderwyser onderteken word en dek alle ingediende bewyse. | |
| Leerder naam en van: | Datum: |
| Ek verklaar dat die aangehegte PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK alles my eie werk is en geen werk deur iemand anders as deur myself of my groep insluit nie. Ek het hierdie taak voltooi volgens instruksies en binne die vasgestelde tydsbeperkings. | |
| Leerder handtekening: | Datum: |
| **Onderwyser se bevestiging**<br><br>Namens ………………………………………………………… ... (skoolnaam), verklaar ek dat die bogenoemde leerder, na my beste wete, die choreograaf is van die voltooide opdrag wat aangeheg is en dat die assessering onder die vereiste toestaande voltooi is. | |
| Onderwyser se handtekening: | Datum: |
| Skoolhoof se handtekening: | Datum: |

## 9. PROFESSIONELE ONTWIKKELING VIR ONDERWYSERS

### 9.1 Ontwikkeling van 21ste-eeuse vaardighede



- Die 21ste-eeuse leerruimte bevorder die 4K's – koöperasie (samewerking), kritiese denke, kreatiwiteit en kommunikasie.
- Leer behels hoë denkvlakke, sosiale interaksie, betrokkenheid, die verkenning van digitale geletterdheid en die ontwikkeling van visuele geletterdheid.
- Die 21ste-eeuse onderwyser moedig bespreking aan, skep 'n gevoel van samesyn en laat leerders toe om hul eie idees uit te druk en om leer deur middel van digitale platforms te verken.
- Die 21ste-eeuse leerder verbind hom/haar daartoe om vaardighede te ontwikkel deur in groepe te werk, sy/haar vermoë op te bou om innoverend te wees en om nuuskierige kennissoekers te wees om probleme op te los.
- Jou les moet daarop gemik wees om geleenthede in te sluit om 21ste-eeuse vaardighede te bevorder – 4K's

  - **Kommunikasieversterkers:**
    - Sluit aktiwiteite in waar leerders persoonlike stories kan vertel. Die choreografie-PAT is die ideale plek om 'n persoonlike storie uit te druk.
    - Gebruik verskillende vorms van kommunikasie. Dink daaraan om alle vorms van kommunikasie in te sluit om te reageer op take wat in die PAT gestel is, soos:


| | |
|---|---|
| ○ **Lees:** | Boeke/Artikels, visuele materiaal |
| ○ **Luister:** | Poduitsendings, portuurstories, televisie/video's |
| ○ **Praat:** | Besprekings, debatte, skep van poduitsendings, video-aanbiedings |
| ○ **Skryf:** | Joernaal, opstelle, blogs, programnotas, Jamboards, besinning, tekeninge, breinkaarte |

- Moedig elke leerder aan om 'n persoonlike leerplan te ontwikkel om suksesvol te wees in die bereiking van die uitkomste vir hierdie PAT. Hierin kan hulle hul verwagtinge en doelwitte lys en 'n suksesvolle choreografie visualiseer.


- **Kreatiwiteitsversterkers:**
  - Gee aan leerders 'n keuse oor waar om hulle choreografie uit te voer of hoe om hul choreografie aan te bied om hul kreatiwiteit aan te wakker.
  - 'n Keusebord is vir leerders om te besluit hoe hulle die inhoud wil leer.
  - Dit het ten doel om veelvuldige leerstyle te akkommodeer.
  - Hieronder is 'n voorbeeld van 'n keusebord wat jy vir die leerders kan skep:

| **Wat is choreografie?** | | |
|---|---|---|
|  |  |  |
| **[Bron: Luister]**<br>na die poduitsending oor die choreografiese proses | **[Bron: Kyk]**<br>na die video oor die choreografiese proses | **[Bron: Lees]**<br>oor die dans se choreografiese proses |

- **Kritiese denkeversterkers:**
  - Skep ruimte in jou les waar leerders vrae kan vra. Wanneer die regte vrae gevra word, ontwikkel 'n dieper begrip van die inhoud.
  - Sluit geleenthede in om visuele geletterdheid te ontwikkel. Kyk en bespreek 'n kort video of kyk na 'n prent. Gebruik ondervraging om inligting te verkry
  - Sluit gereelde selfbesinning en deel van kennis en ervarings in. Hieronder is 'n voorbeeld van 'n Jamboard wat jy vir die leerders kan skep:




- **Samewerkingsversterkers:**
  - Sluit aktiwiteite in waar leerders leeruitkomste in pare of spanne kan bereik.
  - Die PAT is 'n saamwerkprojek.
  - Aanlyn saamwerkleerinstrumente is 'n goeie manier om samewerking te verken.
  - Byvoorbeeld, in plaas daarvan om 'n klaskamermuurkaart te skep, probeer om 'n digitale deelmuur op Padlet te skep
  - Hieronder is 'n voorbeeld van 'n Padlet wat jy vir die leerders kan skep:




## 9.2 Stap-vir-stap-gids om 'n Jamboard te ontwerp


### STAP 1: Soek vir 'n Jamboard





### STAP 2: Voeg 'n Jamboard by




**STAP 3: Navigeer die gereedskap in 'n Jamboard**




**STAP 4: Skep 'n Sticky Note (kleefnota)**




**STAP 5: Deel jou Jamboard**





## 9.3 Stap-vir-stap-gids om 'n Padlet te ontwerp


**STAP 1: Google Search vir Padlet**




**STAP 2: Kies om aan te sluit of om 'n Padlet te maak**




**STAP 3: Kies 'n uitleg vir jou Padlet**



### STAP 4: Ontwerp jou Padlet




**LET WEL:** Kyk na meesterklasse oor hoe om 'n Padlet en Jamboard te skep. Hierdie video's verskaf verdere leiding en idees oor hoe om hierdie instrumente te gebruik.

**Google Jamboard Masterclass**

**How to Teach with Padlet**

## 10. GEVOLGTREKKING

Na voltooiing van die praktiese assesseringstaak moet leerders in staat wees om hulle begrip van die bedryf te toon; hulle kennis, vaardighede, waardes en redenasievermoëns te versterk, en ook betrekkinge buite die klaskamer te vestig en uitdagings in die wêreld daar buite aan te durf. Die PAT ontwikkel verder leerders se lewensvaardighede ('soft skills'), soos kommunikasie, spanwerk, kritiese denke, probleemoplossing, tydsbestuur, ens., en gee aan hulle die geleentheid om by hulle eie leerervarings betrokke te wees.

## 11. VERWYSINGS

- Departement van Basiese Onderwys, 2011. *Verdere Onderwys en Opleiding Fase Graad 10–12 Dansstudies*. Pretoria: Departement van Basiese Onderwys
- Psigomotoriese domein — Dave se taksonomie
- Die videoskakel is 'n stap-vir-stap-gids oor hoe om 'n keusebord in Google Docs te skep: How to Make a Google Docs Choice Board
- Kyk na die volgende video. Dit sal jou wys hoe om 'n Jamboard te ontwerp en hoe om hierdie toepassing in jou PAT-klasse te gebruik: Google Jamboard Masterclass
- Hierdie videoskakel verskaf verskillende saamwerk-leergeleenthede in Padlet wat jy in Dansstudies-klaskamer kan gebruik: How to Teach with Padlet
- *Dancing in the Streets: Gregory Maqoma | At Home in partnership with abrdn*: https://www.youtube.com/watch?v=pz3LsQGI3Cw&ab_channel=EdinburghInternationalFestival
- *Anthem Project | Ndlovu Youth Choir*: https://www.youtube.com/watch?v=xDfuxTs6XGk

- *Masaka Kids Africana Dancing This is Africa*: https://www.youtube.com/watch?v=IkOlwbjUofI&ab_channel=MasakaKidsAfrikana
- *Dear Africa Poem*: https://www.youtube.com/watch?v=6gKqf-nQHLM&ab_channel=africadotcomofficial
- *Mthuthuzeli November – INGOMA*: https://www.youtube.com/watch?v=qZr6szvn-VY&ab_channel=MthuthuzeliM22November
- *Afrofusion* – Performed by MIDM Trainees 2015: https://www.youtube.com/watch?v=4HiQuy0PZcE&ab_channel=MovingintoDanceMophatong
- Erfenismaand: Suid-Afrikaanse kulture en hulle modes: https://www.iol.co.za/lifestyle/style-beauty/fashion/heritage-month-south-african-cultures-and-their-fashion-9b3db86d-c5cd-4365-b3a6-e7d253c30ffb
- *Dear Future Generations: Sorry*: https://www.youtube.com/watch?v=eRLJscAlk1M&ab_channel=PrinceEa
- *BROKEN VOICE*: Environmental Climate Crisis PSA [@museeffect] [@hella_precious]: https://www.youtube.com/watch?v=nvcw5fjj4TE&ab_channel=MusEffect%2FMuseDanceCompany
- Oorstromings gee besonderhede oor die uitwerking op klimaatsverandering: https://reliefweb.int/report/south-africa/floods-detail-effect-climate-change
- *Rain Must Fall | The Rain Dance*, performed by Kitty Phetla: https://www.youtube.com/watch?v=4618qlhssyk
- *Grain*: https://www.youtube.com/watch?v=fPfvYT-CFc8&ab_channel=SmudgeScreen
- Corey Baker Dance, *Lying Together* saam met Hong Kong Ballet: https://www.youtube.com/watch?v=0xLXD8npMXQ&ab_channel=CoreyBakerDance
- Die LGBTQ Dance Company Challenging Gender Norms With Ballet | NBC Left Field: https://www.youtube.com/watch?v=ah_Kvh-ISGM
- [Greater Heights] *Transcend* LGBT/BLMDance Awareness-film deur Kellen Stancil: https://www.youtube.com/watch?v=3_3wVA3U99M
- Streef na geregtigheid en verandering – ontmoet die jong aktiviste in ons midde: https://www.dailymaverick.co.za/article/2022-03-30-striving-for-justice-and-change-meet-the-young-activists-in-our-midst/
- *Stand up*, Cynthia Erivo: https://www.youtube.com/watch?v=sn19xvfoXvk
- *Raise your weapon*: https://youtu.be/KuIW_gkfMv8
- Laura Mvula – *Phenomenal Woman* (Offical Video): https://www.youtube.com/watch?v=7---iGdDIBQ
- Laure Mvula – *That's Alright*: https://www.youtube.com/watch?v=hYjHixQ9Ns4
- Wetenskapfiksie-stories wat Afrika in die toekoms voorstel: https://www.ted.com/talks/nnedi_okorafor_sci_fi_stories_that_imagine_a_future_africa
- Om die Afrika manier van lewe deur Afrofuturisme her voor te stel: https://www.iol.co.za/capeargus/life/reimagining-the-african-way-of-life-through-afrofuturism-b68219cc-6a0b-40f0-b267-34008afedc66

## 12. PRENTBRONNE


- https://www.citysightseeing.co.za/en/cape-town/the-history-of-the-cape-town-minstrel-carnival
- https://fabergegalore.com/products/african-woman-wall-art-canvas-prints-modern-pop-art-canvas-paintings-prints
- https://www.momoafrica.com/five-traditional-attires-that-you-would-love-in-africa/
- https://www.redbubble.com/i/sticker/Typography-poster-Africa-map-by-Moloko88/28584562.EJUG5
- https://media.istockphoto.com/photos/african-traditional-male-model-picture-id863690336?k=20&m=863690336&s=612x612&w=0&h=uEMd1Z9QC7-CeI84rfGe6JTxxv5IhHjhdTxL5rvf8VU=
- https://www.capetowndiamondmuseum.org/blog/2019/09/heritage-day-2019-in-the-mother-city/
- https://www.discovermagazine.com/planet-earth/how-to-save-planet-earth
- https://worldhealth.net/news/heavy-metals-not-music-your-heart/
- https://www.deviantart.com/dinhstag/art/World-in-Our-Hands-342230992
- https://i.pinimg.com/originals/73/db/66/73db6603f859fba1082aef7b8c18bf28.jpg
- https://www.momscleanairforce.org/we-deserve-nothing-less/
- https://www.art.com/products/p47236302579-sa-i10569658/color-me-happy-don-t-be-trashy-2.htm
- https://www.sciencephoto.com/media/159228/view/healing-the-world-conceptual-artwork
- https://en.wikipedia.org/wiki/Afrofuturism
- https://www.afrikaiswoke.com/problem-with-afrofuturism/
- https://www.afrikaiswoke.com/what-is-afrofuturism/
- http://pattayathailand.ru/go/url=http:/inutoneko.info/gender-equality-posters
- https://wpmu.mau.se/nmict202group3/2020/10/05/298/
- https://www.artsthread.com/portfolios/boardiesxartsthreaddesigncompentry
- https://www.wickedafrica.com/campervan-events-africa/178-grahamstown
- https://bostonconservatory.berklee.edu/contemporary-dance/bfa-contemporary-dance-performance
- https://thecaperobyn.co.za/dance-review-intoxicating-alchemy-programme-by-cape-town-city-ballet/
- https://www.dailymaverick.co.za/article/2019-12-10-ballet-blood-sa-dancer-brings-miners-blood-sweat-and-tears-to-british-stage/
- https://au-di-tions.com/audition-for-black-box-dance-company-holstebro-denmark/
- https://unsplash.com/photos/RUqujL3syj0
- https://www.art-19.com/news/dancers-bring-sculpture-gallery-to-life
- https://www.icaboston.org/articles/stencil-designs
- http://versfeld.co.za/versfeld-associates/tag/Jomba%21+Contemporary+Dance+Experience
- https://www.thaliastella.com/projects
- https://www.facebook.com/photo/?fbid=3278671535561395&set=pcb.3278671652228050
- https://www.zazzle.com/equality_hurts_no_one_patriotic_lgbtq_pride_rights_poster-228106561192413665
- https://theinspirationgrid.com/afrofuturist-artworks-by-maxima-manga/
- https://www.google.com/imgres?imgurl=https%3A%2F%2Fohiostatepress.org%2Fassets%2Fcovers%2F9780814214138.jpg&imgrefurl=https%3A%2F%2Fohiostatepress.org%2Fbooks%2Ftitles%2F9780814214138.html&tbnid=nfOWEc4TbSyp3M&vet=1&docid=yYv4BUUYhCLxtM&w=400&h=600&hl=en&source=sh%2Fx%2Fim
- https://i-d.vice.com/en/article/vbdgxx/why-afrofuturism-is-the-art-movement-we-need-in-2017
- https://www.houseofenid.net


Kopiereg voorbehou